

DIE KULTURELE BETEKENIS VAN DIE EERSTE  
AFRIKAANSE GESKRIFTE TOT 1900.

M. M. FOURIE.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike vervulling  
van die vereistes vir die Graad M.A. in Nederlands  
en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad.

Oktober 1940.

-----oOo-----

I N H O U D.

Bladsy.

INLEIDING.

- |                        |    |
|------------------------|----|
| A. Algemene Toestande. | 1. |
| B. Doel van Studie.    | 3. |
| C. Probleme.           | 4. |

HOOFSTUK I.

DIREKTE PROPAGANDA.

- |   |     |
|---|-----|
| i. Stukke wat direk oor Taal handel.    | 6.  |
| ii. Argumente tot verdediging van Taal. | 14. |

HOOFSTUK II.

OPVOEDKUNDIG.

- |   |     |
|---|-----|
| A. <u>Kinderboeke.</u>                        |     |
| i. Algemene Leesboekies.                      | 19. |
| ii. Godsdienstige en Stigtelike boeke.        | 23. |
| B. <u>Taalkundig.</u>                         | 28. |
| C. <u>Geskiedkundig.</u>                      |     |
| i. <del>  </del> Geskiedenisboeke.            | 30. |
| ii. Beskrywings en Reisverhale.               | 36. |
| iii. Historiese Romans en Dramas.             | 40. |
| D. <u>Politiese Gebied.</u>                   | 44. |
| E. <u>Ekonomiese Gebied.</u>                  | 47. |
| F. <u>Godsdienstige en Stigtelike Gebied.</u> |     |
| i. Bybelvertalings.                           | 50. |
| ii. Stigtelike Lektuur.                       | 52. |
| G. <u>Vertalings.</u>                         | 56. |

HOOFSTUK III.

- |                        |     |
|------------------------|-----|
| <u>Buitestaanders.</u> | 58. |
|------------------------|-----|

HOOFSTUK IV.

- |                |     |
|----------------|-----|
| <u>Poësie.</u> | 60. |
|----------------|-----|

- |              |     |
|--------------|-----|
| <u>SLOT.</u> | 62. |
|--------------|-----|

BIBLIOGRAFIE.

DIE KULTURELE BETEKENIS VAN DIE EERSTE AFRIKAANSE  
GESKRIFTE TOT 1900.

---

INLEIDING.

A. ALGEMENE TAALTOESTANDE.

Voor die koms van die Engelse aan die Kaap, en daarmee die Engelse taal, was Hollands die taal van Reg en Bestuur, Kerk en Skool. Opgevoede mense, veral in Kaapstad, het waarskynlik nog betreklik suiwer Hollands gepraat; maar op die platteland moes die Hollandse taal onder alle stande al taamlik ver in die rigting van Afrikaans ontwikkel het. Omdat Hollands deur die intellektueles en opgevoedes gebruik is as skryftaal en omgangstaal, is Afrikaans met die onopgevoede en onontwikkelde laer klasse en kleurlinge geassosieer en beskou as plat.

Tot omstreeks 1825 het daar in die algemene taaltoestande nie veel verandering gekom nie. Nou egter, begin die verengelsingsbeleid van die Regering, en die bestuurs- en regstaal word uitsluitlik Engels. Die verengelsing werk ook deur na ander gebiede; op skool word byna geen aandag meer aan die studie van Hollands bestee nie; ook word pogings aangewend om die Engelse taal in die Hollandse Kerk te laat ingang vind. Die volk kom nou in verset teen die verengelsing veral in Kerk en Skool, maar die invloed wat op die hoër kringe van die Afrikanersvolk ingewerk het, was te sterk, met die gevolg dat baie losgeslaan word uit hul volksverband. Die volk is nou byna sonder leiers en die verset dus ongeorganiseerd. Deur verwaarlosing gaan die kennis van Hollands meer en meer agteruit en Engels neem die plek daarvan in. Ook in dorpe vind verengelsing plaas op groot skaal omdat Afrikaners hul eenvoudig laat meesleep en geen teenstand meer bied nie.

Onder sulke omstandighede, dus, sou denasionalisasie van die Afrikaners nie te keer gewees het sonder skokkende gebeurtenisse nie, wat dan ook gekom het in die vorm van botsing

teen.....

teen die Engelse in die vry Boererepublieke in die Noorde. Die nasionale gevoel word nou sterker, en veral jong intellektueles spoor die volk aan tot verset teen die Britse opperheerskappy.

In elke nasionale beweging is taal 'n belangrike faktor, en ook hier speel dit 'n groot rol. Een groep Afrikaners wil probeer die kwynende Hollandse taal nuwe lewe inblaas, terwyl 'n ander groep voel dat Hollands reddeloos verlore is en daarom gryp na Afrikaans.

Omdat taal dan so 'n belangrike faktor is, moet ons nou let op die eerste voorbeelde van geskrewe Afrikaans; hoe die voorstanders dit gewaag het om die eerste Afrikaanse boeke te maak, want die groot struikelblok was dat daar geen geskrewe Afrikaans bestaan het nie terwyl daar genoeg Engelse en Hollandse boeke was. Die voorstanders het dus besef dat hulle moes begin boeke skryf in Afrikaans om as leermiddele en propaganda - stukke te dien en om hul saak te verdedig teen die beskuldigings wat nou van alle kante kom dat Afrikaans geen taal is nie omdat dit nie in geskrewe vorm bestaan nie.

Reeds vroeg in die tweede helfte van die 19de eeu het mense in Afrikaans geskrywe, maar nog nie met die doel om die taal te bevorder nie, maar meer uit 'n drang om snaaks te wees. Die geskifte is dan ook gering geag en uitgeskel as die weergawe van 'n Hottentotstaal.

Dit is eers teen ongeveer 1870 dat mense begin besef dat as hulle die Afrikanervolk van ondergang wil red, hulle na die Afrikaanse taal moet gryp en by die volk 'n gevoel van trots op hulle nasie en hulle eie taal moet aanwakker. Dit is daarom van nou af dat hulle 'n nasionale betekenis begin heg aan die Afrikaanse taal en begin pleit vir die erkenning daarvan op alle gebiede.

Alhoewel feitlik elke nasionale beweging sy oorsprong  
in.....

in intellektuele kringe het, lê die werklike krag en waarde daarvan in die volksmassa. So is hier ook besef dat 'n beroep moes gemaak word op die hele Afrikaner~~er~~volk en nie net die geleerde en ontwikkelde deel van die volk nie. Daar moes by hierdie volksmassa 'n taalbewussyn en nasiebewussyn aangewakker word, want as daar eenheid is van denke en strewes, sou daar oneindig meer kon bereik word.

Dit is dan veral deur gebruik te maak van die Afrikaanse taal as middel dat die stryders hul doel bereik. Geskrifte van allerlei aard word uitgegee en versprei onder die volk, en hierdeur word lees- en skryflus aangewakker.

B. DOEL VAN STUDIE.

My doel met hierdie studie is nie om 'n geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging te gee nie. Ek wil slegs aandui hoe die genootskappers en ander stryders vir die Afrikaanse saak hul gestelde doel, n.l. om die nasionale gevoel van die volk aan te wakker en die volk te oortuig van die waarde van sy eie taal, deur die uitgee van Afrikaanse geskrifte probeer bereik het.

Ook is my doel nie om te let op die literêre waarde van die werke of om die geskiedkundige uiteensettinge daarin aan die waarheid te toets nie. Ek wil net maar 'n studie maak van die rol wat hierdie werke in die verwesenliking van 'n nasionale oplewing gespeel het.

In hierdie opsig speel die Patriot 'n belangrike rol, want dit is die eerste koerantjie wat die mense in hul eie taal gekry het en wat hul aangemoedig het om uitdrukking te gee aan hul menings in briewe en ander stukke in hulle eie taal geskryf. Hierdie koerantjie, wat deur die hele land versprei is, veral op die platteland, bereik en beïnvloed daardie deel van die volk wat anders ontoeganklik sou gebly het. Vir elke Afrikaner, wat hy ook al doen, is daar iets van belang in die Patriot.

Omdat verreweg die meeste boekies oordrukke is uit die Patriot, behandel ek nie die Patriot self as tydskrif nie, maar alleen die werke wat as aparte boeke verskyn het. Ook behandel ek nie die ander tydskrifte, soos Ons Klyntji, en die Almanakke nie, behalwe waar dit nodig is om iets daaruit aan te haal.

Al die Afrikaanse geskrifte wat dan verskyn het voor en tot 1900 maak die kern uit van my studie. Ek probeer 'n aanduiding gee van die groot kulturele waarde van die geskrifte; dat hierdie werke slegs middele was wat gebruik is vir die een groot doel - die aankweking van ware nasionaliteitsgevoel by die Afrikanervolk. So kry ons soms bewuste pogings tot propaganda vir die Afrikaanse saak deur middel van hierdie geskrifte.

My doel is ook om sover moontlik te bepaal in hoever hierdie boeke werklik gebruik is, hoever sekere werke herdrukke beleef het en daar meer as een uitgawe was van dieselfde boek. Ook is dit interessant om te sien watter boeke die populêrste was onder die volk, want gewoonlik word daar dan melding gemaak van die groot aantal eksemplare van die werk wat binne 'n paar dae uitverkoop is en dat daar aanvraag kom vir meer.

### C. PROBLEME.

Een van die groot probleme waarmee ek te kampe gehad het in die studie, was om uit te vind wie die skrywers van sommige van die werke was. Omdat die mense nog skrikkerig was om onder hul eie name te skryf, of uit 'n drang om snaaks te wees, het hulle onder allerlei skuilname geskryf, met die gevolg dat dit in baie gevalle moeilik was om uit te maak wie skrywers is, veral waar dit nie op die titelblad aangegee word nie of waar onbekende skuilname voorkom.<sup>1)</sup> In baie gevalle, egter, kon ek die skrywer bepaal deur sy skryfwyse van 'n vroeër werk te herken, veral by die werke van Ds. S. J. du Toit. Ook omdat S. J. du Toit omtrent die enigste skrywer is wat verbasend goeie.....

goeie Afrikaans skrywe, kan 'n mens altyd sy werk herken. Soms, weer, was 'n advertensie op die buiteblad van een of ander boek vir 'n bepaalde werk behulpsaam wanneer volle besonderhede omtrent die werk asook die skrywer daarvan genoem is.

'n Ander probleem was om die jaar waarin 'n bepaalde boekie verskyn het, te bepaal, want in 'n hele paar gevalle verskyn daar geen jaartal op die titelblad nie. Hier, weer, kon ek soms met behulp van informasie uit advertensies by benadering opmaak in watter jaar die bepaalde boek verskyn het.

Ook het dit moeilik gegaan om die stof vir die studie in hande te kry, want hierdie geskifte is vandag baie seldsaam en dus nie maklik verkrygbaar nie. Soms ook was baie van die dinge oud, geel en stukkend en derhalwe op plekke moeilik uit te maak. Ek het gewerk volgens die lys wat Prof. Smith in Die Huisgenoot van Februarie 1922 aangee en daarvan was daar 8 van die werke wat ek nie kon kry nie.

-----

1) Daar was 'n aantal skuilname wat wel bekend was.

HOOFSTUK I.

DIREKTEPROPAGANDA VIR AFRIKAANSE TAAL.

a. Stukke wat direk oor die taal handel.

Soos reeds gesê, speel taal 'n belangrike rol in feitlik alle nasionale bewegings. Dit is 'n belangrike faktor, want as gevolg van nasionale hoogmoed en trots, van neigings tot nasionale uitbreiding en oorheersing, ontstaan daar deur taal sosiale en politieke konflikte. Die konflikte het dan te doen met die publieke gebruik en erkenning van die taal in die Kerk, in sake van wetgewende aard, administrasie en ekonomiese verhoudings. Verder bestaan daar ook die moontlikheid om propaganda te maak vir die taal deur middel van skole, ander organisasies en inrigtings en ook om die taal te verdedig teen pogings tot onderdrukking en ondermyning. Dit is dan ook onder sulke omstandighede dat die neiging ontstaan om ander tale te onderdruk en die eie taal op die voorgrond te bring. 2.)

Die belangrike rol wat taal in nasionale konflikte mag speel, kan toegeskryf word aan die onenigheid wat daardeur veroorsaak word. Onder enige omstandighede kan daar nie twee of meer tale terselfdertyd gebruik word nie, en word mense dus eerder genoodsaak om, wat die taal betref, 'n besluit te neem, as in die geval van gewoontes, ens.

Bo alles vorm taal ook die grondslag van alle hoër vorme van kulturele en geestelike lewe, van die wetenskap en letterkunde van 'n volk, ongetwyfeld is taal dus die sterkste band wat die verskillende kulturele uitings van 'n volk aaneenskakel.

So het die Stryers dan besef dat die Afrikaanse taal, tot enige prys, erkenning moes kry, maar dat dit noodsaaklik was dat daar eers by die volk 'n taalbewussyn moes aangewakker word: hulle moes oortuig word dat die Afrikaanse taal die enigste taal vir hulle was.

2.) Encyclopedia of Social Sciences : Arti kel : "Nationalism."

Dit.....

Dit is dan met hierdie doel voor oë dat daar 'n aantal boeke gepubliseer word wat direk oor die taal handel, waarin daar 'n uiteensetting van die groei en vordering van die taal gegee word, ook 'n pleidooi vir die taal en goeie redes waarom dit geregtig is op erkenning. Hier is dit ook opmerklik hoe daar oordrewe klem gelê word op die waarde van die Afrikaanse taal in teenstelling met Engels. So verskyn daar in hierdie verband in 1880 Die Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand uit Publieke en Private Bronne; Bewerk deur 'n Lid van Die Genootskap van Regte Afrikaners. 3).

Hierdie Geskiedenis van die Taalbeweging is om baie redes 'n belangrike werk. Ten eerste kry ons waardevolle dokumente hierin oorgedruk en ook 'n uitvoerige geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging tot 1880 met 'n behandeling van die rol wat die voorlopers speel in die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners. 4). Wat ook van belang is in die werk, is die feit dat daar soveel aandag bestee word aan 'n oorsig van die Afrikaanse uitgawes wat tot 1880 verskyn het.

In die "Voorrede" reeds, kry ons 'n aanduiding van die doel van die werk : „Herhaaldelik en van verskillende kante is ons gevraag om tog 'n kort verhaal te ge van die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging van die begin af, met al die stukke daarby," aan die versoek wil die skrywer graag voldoen, want mense wil „graag alles weer in geregelde volgorde lees, want dit gaat mar met koerante so, 'n mens lees dit en dan verslinger dit weer." Verder word ook gesê : „Ons geef hier die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging, van die werksaamheid van onse taal erkend en beoefend te kry as landstaal. Mag dit dien om vele teenstanders te oertuige, en alle voorstanders te verstrek en te bemoedig!" 5).

3.) Feitlik seker dat Ds.S.J. du Toit die skrywer daarvan is.  
4.) Die werk word vandag nog hiervoor geraadpleeg.  
5.) Bls. 2.

So.....

So is die een groot doel om teenstanders te oortuig dat Afrikaans wel 'n taal is en dat dit die moedertaal van die Afrikanervolk is.

Wat veral belangrik is in dié werk is die drie briewe van „Ware Afrikaander“ gerig aan alle „landgenote“ oor „De Afrikaansche Taal“ 6.) wat hier oorgedruk word. In die eerste brief wys Ware Afrikaner (S.J. du Toit) op die belangrikheid van die taal en veral van die Afrikaanse taal vir die Afrikaner hier in Suid-Afrika. Hy sê : „De taal van een volk vertoont het karakter des volks. Men kan geen nasionaliteit vormen zonder een eigen taal. Ontneemt een volk zyne taal en gy ontneemt dat volk het voertuig zyne gedachten.....“ 7.) Aan die end van die brief skilder hy die lot wat die Afrikaanse taal te beurt geval is, en indirek pleit hy dat mense nou moet wakker word en iets daaromtrent moet doen : „En wat heeft men tot nog toe gedaan, wat is men thans doende met die Afrikaansche taal en het Afrikaansche volk? Stelselmatig alle nationaliteit uitroeien en daartoe onze taal verdringen in ons Parlement, in onze Gerechtshoven, in onze scholen, ja, men begint reeds in onze kerken.“

In die tweede brief kry ons 'n voortsetting van die pleidooi vir die Afrikaanse taal. Hollands is beslis te vreemd vir die Afrikaner : „Men zegt : „~~Leert~~ liever het Holl. Het Afrik. is toch maar een dialekt van het Holl.“ 8.) Ook hierop antwoorde wij beslist : Neen, het Holl. is u te vreemd reeds!“ In die derde brief maak hy dan 'n direkte beroep op sy landgenote : „Daarom, Afrikaanders, houdt uw land, uw volk, uwe taal in eere!“

Die enigste manier om by die volk 'n liefde vir hul taal in te boesem is deur leeslus en dan ook skryflus by hul

aan.....

6.) In 1874 verskyn in "De Zuid Afrikaan".

7.) Bls. 14.

8.) In sy 71 Theses maak S.J. van dieselfde argumente gebruik.

aan te wakker. In S. J. du Toit se eie woorde : „Want in alle dinge is 'n Afrikaner mar lanksaam en versigtig en veral in letterkundige sake stel hy mar min belang; daarby kom die veroordeling dat die taal te sleg is, ens. Daar moes dus iets gewigtiges bykom om die trage gees op te wek en die diepgewortelde vooroordeel te lat óerwin; daar moes iets bykom wat die hart van die volk raak, en dit was 'n Bybelvertaling." Omdat S. J. du Toit weet dat die godsdienst die Afrikanervolk naaste aan die hart lê, daarom begin hy ook met die Bybel. 9.)

Om die Afrikaanse saak nou in 'n goeie lig te stel, word daar 'n uitvoerige beskrywing gegee van die vordering wat reeds gemaak is. Op bls. 78 lees ons : „Dat die Afrikaanse Taalbeweging na die hart van die bevolking was, blyk uit die snelle toeneming van die "Patriot", terwyl andere tydskrifte met moeite deur kerkelike en burgerlike autoriteite opgehou moet worde; uit die rasse uitverkoop van alle boeke deur die Genootskap uitgegee, terwyl die hele Geref. Kerk nie in staat was om leeslus op te wek deur hulle Boeke-vereniging nie."

Ook voel hul dat alreeds in geslaag is om lees- en skryf-lus by die volk aan te wakker. „Deur in die taal van die bevolking 'n blad uit te ge, het ons nie alleen leeslus, mar wat meer seg ook skryflus opgewek by onse bevolking. Week op week blyf 'n boel briewe oorlê wagtende op plaats. Die mense voel dat hulle nie langer soos doofstomme hoef te sit nie." Hierdie bewyse is dan bedoel vir teenstanders en selfs ook Afrikaners wat nog skepties teenoor die hele beweging gestaan het. Reeds voel die stryers oortuig dat hulle 'n nasionaliteitsgevoel help opwek het wat nou begin voorsien in die groot behoefte van die Afrikanervolk. Van alle kante kry hulle getuigenisse : „Die "Patriot" het ver ons.....

9.) In 'n later hoofstuk behandel.

ons geleer dat die Afrikaner oek 'n reg het," ens.

Agter die hele geskiedenis van die taalbeweging wat hier uiteengesit word, sien ons die doel van propaganda vir die Afrikaanse saak. Veral word daar klem gelê op die vordering wat gemaak word, hoe 'n klein klompie begin het met die saak, uitgeskel is vir gekke, maar omdat hulle beslis was en nie gehuiwer het om uit te kom vir hul oortuigings nie, tog iets bereik het. 'n Mens kan nie anders as om tussen die reëls te sien die beroep op alle Afrikaners om saam te staan en te stry vir die een doel nie.

Die belangrikste boek in hierdie verband, n.l. wat handel oor die taal, het verskyn in 1891 : <sup>10.)</sup> Afrikaans ons Volkstaal, 71 Theses of Stellinge neergeleg en verklaar deur S. J. du Toit. Soos die titel reeds aandui, word hierin 71 stellinge i.v.m. die taal neergelê en verklaar. Hierdie stellinge het veral betrekking op die Afrikaanse taal as moedertaal, landstaal, volkstaal, skryftaal, Bybeltaal, Skooltaal, en Kerktaal. Hierdie werk is van die hoogste belang want dit is die beste pleidooi wat nog vir die Afrikaanse taal gevoer is.

Nadat S. J. du Toit in die eerste deel : "Afrikaans ons taal" 'n paar argumente uiteengesit het, kom hy tot die behandeling van 'n meer praktiese deel : "Afrikaans ons moedertaal." Hier wys hy daarop dat ons maar een moedertaal het en dié moet ons handhaaf. Vir hom is die grootste sonde waarteen gewaak moet word, die Engelse meisieskole waar die Afrikaanse kinders net Engels leer, en later hul moedertaal verag. Hy beskou dit as : "Di listigste en gevaarlikste anslag teen onse moedertaal, dit vergiftig di fontein van onse nasionaliteit want di opdring van 'n vreemde taal en onderdruk van die moedertaal kan ni anders as nadeelig werk op die nasionaliteitsgevoel ni." Daar moet dus nou 'n eie nasionaliteit met.....

10.) In elke hoofstuk behandel ek die werke in chronologiese volgorde.

met 'n eie taal aangekweek word, want "dit is nog die ergste, met die moedertaal verdwyn oek alle nasionaliteitsgevoel." S. J. du Toit voel hierdie nasionale oorweging baie sterk aan en vir hom is 'n veragter van sy moedertaal 'n land-veraaier; en dit is wat hy by die volk wil tuis bring.

Onder die hoof "Afrikaans onse landstaal" gee S. J. du Toit ook belangrike redes aan waarom Afrikaans die landstaal moet wees. Die 23ste stelling lui dan ook : "Afrikaans is di taal van di massa van onse bevolking deur heel Suid Afrika." Hy reken dat minstens twee derdes van die bevolking Afrikaans praat, alhoewel die erkende offisiële tale Hollands en Engels is. Die taal ontwikkel volgens landsaard en volksbehoefte; dit word bewys deur die aanwesigheid in die taal van sekere woorde en uitdrukkinge wat net aan Afrikaans eie is; wat Afrikaanse sake en toestande beskryf. Daar kan dus geen twyfel bestaan dat Afrikaans die ware landstaal in alle volksklasse is nie en daarom moet dit die band van vereniging en samewerking vorm.

Naas die landstaal en net so belangrik is : "Afrikaans ons Volkstaal". Die stelling wat hier neergelê word, is : "Di taal is di volk en di volk is di taal. Waar 'n volk 'n nasionaliteit is, daar sal 'n taal wees. Taal en letterkunde hang onverbreklik same met nasionaliteit. Di verwagting van 'n eie nasionaliteit, 'n eie beskawing, 'n eie letterkunde hier in Suid Afrika is dus glad ni 'n droombeeld ni, mar 'n heerlike ideaal ver Jong Suid-Afrika!" Dit is dus eers wanneer daar 'n kragtige Afrikaanse nasionaliteit sal wees met 'n eie nasionale ontwikkeling en beskawing dat die moontlikheid van 'n eie Afrikaanse taal en letterkunde verwesenlik kan word. Alles sal afhang van die krag van die nasionale beweging. 11.) S. J. du Toit stel dan ook die vraag: "Wil jy 'n sterker beroep op onse nasionaliteitsgevoel hê?" Hy sien hier 'n ideaal vir sy jong volk, en daarom maak hy 'n beroep op die volk om saam te werk. Om die mense aan te

spoor, gee hy dan eers 'n aanduiding van die fondament wat reeds gelê is, die werk wat reeds gedoen is en watter vrug hul reeds op hul werk sien. Hy sê : „Totdat di Afrikaanse Taalbeweging begin het, was ons volk so goed as doofstom want in gen een van die twee heersende tale, Hollans en Engels, kon hulle sig uitdruk ni; daarom moes hulle swyg op publieke plase en in nuwsblaje.....ja, nou begin di tong los te gaan maar dis nog nie genoeg ni. Afrikaans moet erken worde as volkstaal, as offisiële taal." S. J. du Toit spreek dan die mening uit dat dit die plig is van elke ware Afrikaner om die Afrikaanse Taalbeweging te ondersteun en dit is „meteen 'n toetsteen vir di waaragtigheid van syn patriotisme."

Maar S. J. du Toit het nie alleen vir die volk 'n taal gegee nie, hy het ook 'n program van werksaamheid nagelaat. Vereers is dit nodig dat „di meerderheid van die bevolking wat Afrikaans praat hulle moet uitspreek dat hulle hiermee eens is, en daarom moet op die volksgees gewerk word. Tot dusver was di doel om di Afrikaner te laat verstaan :„Jy het 'n taal; di taal praat jy; di taal is jou onmisbaar; di taal is vir jou di beste; skryf di taal nes jy dit praat." 12.) Hy meen dat dit nou die tyd is om die tweede hoofgedagte by die volk te laat ingang kry : „Di taal wat jy praat ....., en wat jy lees in jou Koerant, di taal moet erken worde as offisiële taal in di Skool, in die Staat, in di Kerk en oral. Daartoe moet 'n poging gemaak worde met 'n Afrikaanse Taalkongres." Ook wys hy daarop dat die Afrikanervolk nou onafhanklik van Engels en Hollands moet word, want anders kan daar geen sprake wees van 'n eie nasionaliteit nie, want „sodra ons 'n eie letterkunde het, waarinsig ons nasionale bewussyn afspigel, toon ons 'n nasionale ontwikkeling kragtig genoeg vir 'n eie beskawing."

Ook is die moedertaal die ware middel om "geesvermoëns  
van.....

van kinders te ontwikkel." Dit is niks meer as reg dat kinders onderrig sal ontvang in hul eie taal en nie in 'n vreemde taal nie, en daarom is dit wenslik dat Afrikaans ook as skooltaal erken sal word.

Die Taalkongresse wat byeen geroep is, bewys hoe belangrik hierdie saak om die Afrikaanse taal erken te kry, geag is. Ook die verslag van hierdie Taalkongresse verskyn nou afgedruk in aparte boekies sodat mense dit kon lees en bewaar. In 1896 verskyn die eerste daarvan wat handel oor die Taalkongres wat in daardie jaar gehou is : Di Eerste Afrikaanse Taalkongres Gehou an Di Paarl 15 en 16 Jannewari 1896. In die volgende jaar, 1897, verskyn daar 'n verslag oor die tweede taalkongres ook in boekvorm met titel : Verslag van Taalkongres en Samekomst gehouden aan De Paarl op 27 tot 31 Januarie, 1897. Die onderwerp wat veral bespreek is op hierdie kongresse was Afrikaans die landstaal. By die voorstanders van Afrikaans bestaan daar geen twyfel met of Afrikaans 'n taal is of nie, maar hul stel hul ten doel die opbouing en bevordering van die Afrikaanse taal wat die landstaal is. Hulle besef dat dit die volk is wat die taal maak, en daarom sê Ds. S. J. du Toit, die voorsitter van die kongres, in die openingsrede : „Di taal is een van di bande wat ons verbind. Hier is ni vandag alleen boere ni, mar oek taalgeleerde; ni di taalgeleerde, mar di volk maak di taal; daarom het hy di armste burger welkom." Daarom maak hy 'n beroep op die volk dat hulle die taal sal help opbou, want anders kry Engels die oorhand en dan „verloor ons ons nasionaliteit."

Die verhouding tussen Engels en Afrikaans kom dan ook tot bespreking, en daar word besluit om 'n taalkunde op te stel en uit te gee. „'n Vergelykende Taalkunde is noodsaaklik. Laat ons ni veg teen Engels, mar laat ons saam werk. Die Engelsman moet ons taal leer, en ons leer hulle taal." Hulle besef dat meer as een taal goed is vir geestesontwikkeling en dat dit die land nie kan kwaad doen nie. Ook word daar weer met.....

met oortuiging gesê dat dit Engels en Afrikaans langs mekaar moet wees en nie Hollands en Engels nie, want Hollands het geen kans hier nie omdat „di grote meerderheid Afrikaans praat” en dit dus die landstaal moet wees.

Ook is die Kongres ten gunste van Afrikaans op skole, want „dit beforder die nasionalityt.” In hierdie verband word die gebruik van Afrikaanse boeke op skole, bespreek. Prof. Cachet spreek die mening uit dat daar 'n begin moet gemaak word met die uitgee van prentboekies. Hulle meen dat die taal bes sal bevorder word deur die kinders deur middel van „prentboekies van jongs af an in di Afrikaanse taal op te lei.” Daar word dan ook 'n kommissie benoem om planne te beraam vir die uitgee van skoolboeke. Dit is dus vir ons 'n bewys dat die mense aktief was en werklik probeer het om die taal te bevorder en nie maar net gepraat het nie.

Verder word daar op die Kongres ook besluit om 'n tydskrif, Ons Klyntji, uit te gee. Ds. du Toit sou die redakteur wees, en die doel van die tydskrif het hy as volg geformuleer : „Om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te form ..... Di Patriot het honderde geleer om te skrywe ver 'n koerant, ons Klyntji moet tientalle leer om goed te skrywe.” Alles word dan gebruik as middele om die een doel te bereik ; die volk taalbewus te maak en hul langs daardie weg op te voed.

-----

b. Argumente wat mense in die hand gestop word tot verdediging van hul taal.

Dit was veral die minder geleerde en die veragterde deel van die bevolking wat moes opgevoed en opgehulp word. Die mense was nie in staat om vir hul self te dink nie, en daarom het S. J. du Toit en sy medewerkers nou by alle geleenthede probeer om vir hulle argumente in die hand te stop. Hiermee kon hul hul verdedig teen aanvallers en teenstanders, want daar moes gewaak word teen enige teenstand en invloed, veral van Engelse kant.

Alhoewel baie van hierdie argumente onjuis is, het die mense tog daaraan vasgehou en dit geglo. Sommige daarvan het so 'n indruk gemaak op die volk dat 'n mens selfs vandag nog, veral by die ouer mense, van hierdie argumente hoor, alhoewel hul reeds lank heeltemaal uitgedien is.

Hierdie argumente tref ons aan in byna al die boeke wat direk oor die taal handel. In die werke wat reeds genoem is, asook in Di Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal, wat in 1876 verskyn het, en in Fergelykende Taalkunde fan Engels en Afrikaans, wat in 1897 van die hand van Ds. S. J. du Toit verskyn het, word die argumente uiteengesit.

In die eerste plaas is daar die verweer teen die beskuldiging dat Afrikaans geen taal is nie omdat dit geen grammatika het nie. Die mense word gewys op die grammatika-boek wat nou verskyn het : Di Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal uitgegee deur die Genootskap van Regte Afrikaners. 13.) In die voorwoord sê die skrywers : „Dis mar eerste beginsels wat ons hier ge; dis nog nie een eintlike spraakkuns nie. Né, ons weet te goed dat gen taal, nes een swareweersten soumar kant en klaar uit di hemel val nie. Dit neem lank tyd om een taal goed te kry. Kyk mar Hollands en Engels; wat was dit eers, en wat is dit nou? En heeltemal volmaak wort gen taal ooit nie. Want waar is een taal wat nie syn foute en gebreke en onregelmatighede het nie?.”

Hierdie argumente word dan nou vir die mense voorgehou, en dit is veral opmerklik dat daar van eenvoudige vergelykings gebruik gemaak word sodat dit vir die mense meer aanneemlik voorkom. So word daar verduidelik waarom daar maar eers net eerste beginsels uitgegee word en nie 'n volledige spraakkuns nie: „want ons wil vereers nog nie een spraakkuns maak nes een jurkie om ver die Afrikaanse taal an te trek nie. Né, die taal groei nog altyd an, en dan is die jurkie net nou te klein en dan knel dit. Ons taal is nou nes een kind wat begin te loop en nou ge ons die "Eerste Beginsels" 13.) Ds. S.J. du Toit het waarskynlik die grootste <sup>ver.</sup> aandeel gehad.

ver een leiband om an vas te hou en so goed te leer loop." Hulle wil hierin toon dat Afrikaans net so goed 'n taal is as enige taal van die wêreld. „Hy het net so goed sy woorde, vorme, wette ens., En ons daag enige vyand uit om te bewys dat dit ni so is ni." Daar word dan taalreëls aangegee en bespreek, maar alleen die feit dat maar 21 van die 29 bladsye aan die grammatika self gewy word, is bewys hoe oppervlakkig en onvolledig dit eintlik behandel word. S. J. du Toit self is geen taalgeleerde nie, maar hy verwys telkens na bekende taalgeleerdes van sy dag soos Max Muller ens., wat hy bestudeer het.

Later het Ds. S. J. du Toit hierdie Eerste Beginsels omgewerk tot iets breedvoerigers : Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels. Dis opmerklik hoe daar altyd vergelykings getref word tussen Afrikaans en ander tale soos Frans, Engels, Hollands en selfs Hebreeus, wat goed bekend is en erken word. Hy probeer die mense dan oortuig dat as daar ooreenkomste is tussen Afrikaans en dié tale, moet Afrikaans mos net so goed wees.

Onder die bespreking van watter taal die landstaal sal word, stel S. J. du Toit voor dat dit die maklikste taal sal wees, en dan probeer hy weer bewys dat dit Afrikaans is. Weer word daar 'n vergelyking gemaak en nou weer iets waarmee die Afrikaner bekend is, sodat dit beter sal inslaan: „Di Afrikaner wat wil Hollans praat, is David in Saul syn wapenrusting. Di Afrikaner wat Saul syn wapenrusting antrek, is 'n belaglike ding;" daarom is Hollands hier uitgedien en Afrikaans is die landstaal. Ook word daar bewyse gegee dat kinders dit makliker vind om Afrikaans te leer as Hollands. Nog 'n bewys dat Afrikaans die maklikste taal is, is die feit dat daar op daardie oomblik meer Engelse was wat Afrikaans geken het as 15 of 20 jaar gelede. Die Engelse leer die taal aan en veral maak hulle gebruik van die samesprake in Afrikaans en Engels. 14.) Die firma D.F. du Toit het al 12,000 van die samesprake verkoop, en dit bewys dat die Engelse die taal wil en... 14.) Word later behandel.

en sal en kan aanleer, maar Hollands kan hulle nie so maklik leer nie. Wat die Afrikaanse taal ook soveel makliker maak, is "dat di onfolmaak verlede tyde weggefal het, en dat al di ongelykfloeiende werkwoorde gelykfloeiend gemaak is. Dis juis wat so feul moeite feroorsaak fer imand wat Engels of Hollands of enigeen fan di meeste nuwe tale moet leer." Tog kom Afrikaans net so goed klaar, omdat "di meeste ferfoegingsforme tog mar met di hulpwerkwoord gemaak word." 15.)

Die Afrikaanse taal word ook beskuldig dat dit te plat is, en 'n Hottentotstaal is omdat daar soveel vreemde woorde in voorkom. Hier weer weet S. J. du Toit 'n uitweg te vind. Hy haal aan uit Max Muller se eie woorde omtrent Engels, dat dit bestaan uit baie vreemde elemente, en as Engels vreemde woorde kan hê, waarom nie Afrikaans nie? Op die Taalkongres het S. J. du Toit gesê, as hulle Afrikaans 'n "Hottentotstaal noem, wat noem hulle dan Engels, want dit bestaan ook uit nog meer vreemde elemente. Di beskuldiging gaan ons ni an ni", ook meen hy "dat ons win om woorde uit andere tale óer te neem", want dit verryk ons taal. Daarby wys hy daarop dat Afrikaans eintlik baie woorde suiwer bewaar het waar Hollands byvoorbeeld vreemde woorde gebruik : "ver Lucifer sê ons vuurhoutjie; ver cameleon het ons twee - verkleurmanneltjie en trapsutties; commercial travellers het ons gou-gou gedoop lappies-smouse. Ook is daar woorde net aan Afrikaans eie wat byvoorbeeld nie in Hollands voorkom nie : karkatjie, pondok, skaapstekker, amper, biltong, hot-op-ses, haar-naas-voor, ens.." Volgens S. J. du Toit is die Afrikaanse taal dan ryker as enige ander taal. So gee hy ook 'n lys van woorde wat uit Duits, Frans, Engels en ander tale in die Afrikaanse taal gekom het. Hierdie tale het "daarom invloed uitgeoefen op die gebruik van ons eie woorde, veral Frans deur die Franse vlugtelinge." Ons weet dat 'n bewering soos die laaste onjuis is, maar dis tog belangrik dat die mense dit wel geglo het. Hy gaan dan verder en maak die volgende onjuiste bewerings : "die twemaal ons ver die Hollandse wij 15.) Fergelykende Taalkunde, bls. 24. en.....

en ons kom ver die naaste van die Frans nous ver wij, en nous ver ons oek. So oek ons dubbele nie is nes die Franse ne .... pas, ens., wat deur die Franse vlugteling in ons land gebreng is." 16.)

So word daar gedurig sulke argumente vir die mense in die hand gestop dat hulle kan sien hoe 'n goeie taal Afrikaans werklik is. Ook word daar gewys op die soetvloeiendheid en sagtheid van die taal : „ons taal en ons geaardheid kom net óereen; in ons woorde nie meer letters as nodig nie, en in ons werk gen omslag nie en min onkoste. Veral baing medeklinkers goi ons uit, en dit maak ons taal sag en vlœi-end, so's eie ver eigen, ou'e ver ouden ens., En hoe meer klinkers in een taal, hoe beter dit klink."

Al hierdie bewyse moet dan dien om die mense te oortuig dat Afrikaans net so goed, indien nie beter, as ander tale is, en veral die feit dat daar ooreenkomste bestaan tussen Afrikaans en die ander tale moet die deurslag gee. So iets soos die volgende klink ook weer aanneemlik vir die mense, en hulle gebruik dit dan ook as argument om hul teenstanders te oortuig : as die vraag kom waarom daar in Afrikaans net een verlede en vier toekomstige tye is, gee S. J. du Toit die verklaring : „omdat Afrikaans byna nog geen verlede maar wel 'n toekoms het."

-----

HOOFSTUK II.

OPVOEDKUNDIG - DOEL VAN NASIONALE BEWEGING OM VOLK OP ALLE  
GEBIEDE OP TE VOED.

A. KINDERBOEKE.

i. Algemene Leesboekies.

Soos reeds gesê, het die voorstanders en leiers van die Afrikaanse beweging besef dat hulle die hele volk moes wen. Die doel van die hele nasionale beweging was dan ook om die volk op alle gebiede op te voed, hul bewus te maak van die besit van 'n eie taal en so nasiëtrots by hulle aan te wakker. Daar moes dus boeke uitgegee word om hierdie doel te bereik. Ook het hulle besef dat wie kinders van vandag kry, die volk van môre het, en daarom moes daar veral boeke uitgegee word vir die gebruik in skole. So verskyn daar dan ook 'n aantal boekies wat spesiaal vir die opvoeding van kinders bedoel is omdat daar nog maar min skole was en baie kinders tuis onderrig moes word.

Om kinders in staat te stel om hul eie taal te leer lees, verskyn daar in 1878 'n boekie van 8 bladsye : Eerste Afrikaanse Spel- en Leesboekie deur Oom Willem,<sup>17.)</sup> en in 1884 verskyn daar 'n tweede uitgawe van die boekie.<sup>18.)</sup> Hierdie boekie moes baie populêr gewees het, want in die Geskiedenis van die Afr. Taalbeweging lees ons op bls. 75 „Dit het oek gen twe maande geduur nie, of die 1,000 boekies was verkog, en van verskillende kante kom nog aanvraag.“

In die voorwoord reeds, word die oortuiging uitgespreek dat die kinders baie gouer vordering sal maak deur in hul eie taal te leer. Aan ouers en onderwysers word gesê : „Perbeer di boekie, dan sal julle sien dat di kinders in hulle eie taal baie gouer leer lees as in

enige vreemde taal.“ Dit is maar 'n „eerste proewe“ en

17.) Mnr. v.d.Rijst.

mense.....

18.) Volgens Prof. Smith het daar in 1896 ook so'n spel- en leesboekie verskyn wat blykbaar 'n herdruk was van die vorige.

mense moet dit probeer en vir die skrywer laat weet hoe dit beantwoord, want dan „geef ons gou 'n tweede boeki.”

Die doel van die boekie is dan om die kinders, d.w.s., beginners, die taal te leer lees en spel; daarom is dit ook nog baie eenvoudig en elementêr. Die kinders leer dan eers woorde, vereers een- en later meerlettergrepige woorde, waarop daar kort sinnetjies en later leesstukkies in verhaalvorm volg. Veral is die leesstukkies interessant en belangrik vir ons doel, want telkens sien 'n mens die didaktiese strekking daarvan. So sien ons 'n godsdienstig-didaktiese strekking in die stukkie wat oor Adam en Eva handel - die kinders moet ook hul Bybelkennis vermeerder.

Daar word ook direk propaganda gemaak vir die Afrikaanse saak, en so 'n leesstukkie in die boekie dra ook sy deel by om te help 'n nasionale gevoel aankweek in die eerste plaas by die kinders en dan ook later by die volwassenes. 'n Mens kan jou voorstel hoe 'n indruk so iets soos die volgende op die kind sal maak : „Ek is 'n regte Afrikaner. Ek het myn taal, en myn volk, en myn land lief. Party Afrikaners het ni hulle taal lief ni. Hulle is ni regte Afrikaners ni. Ek is regte bly dat ons nou kan leer om ons taal te lees. Ek sal gou leer, dan kan ek oek di Afrikaanse Patriot lees. Ons kan daarin van alles lees. Daar staat oek mooi stukkie ver kinders en jong mense. Hy is oek ni so ongodsdienstig soos ander koerante ni. Hy praat oek ni so dubbelsinnig ni. Daarom is di goddelose mense teen di Patriot. Maar alle regsinnige Afrikaners het hom lief.”<sup>19.)</sup> Ook word hier propaganda gemaak vir die Patriot, die Afrikaanse koerant, en die kinders word getref deur sulke dingetjies en hulle sien reeds 'n ideaal om na te strewe.

Ook word daar vir die kinders voorgeskryf dat hulle die Engelsman en die Afrikaner wat die Engelse navolg, moet verag, en terselfertyd word daar probeer om patriotisme by die kinders aan te wakker, asook om die onafhanklikheidsidee

by.....

by hul te laat posvat. Op Bls. 6 lees ons byvoorbeeld :

„Dis mar jammer dat daar so min opregte patriotte is. Party is Afrikaners met Engelse harte; hulle is wit-voet-soekers van die Engelse. Party is weer Afrikaners met Hollanse harte; hulle wil ver ons lat Hollans leer en skrywe (mar ons kan dit ni, en hulle kan dit self ni). Maar ek is 'n Afrikaner met 'n Afrikaanse hart. Ek staat ver myn land en ver myn volk en ver myn taal. Wag mar, as ons jonge Afrikaners eers eendag groot is! Nou staat ons onder England. Amerika het oek eers onder England gestaan mar nou is Amerika vry en sterk. Eendag is ons oek 'n vry volk met 'n eije taal." Die hele doel van die stryers is dan om so 'n indruk te maak op die kind dat hy werklik daarna sal strewe om te kan sê : „Ek is 'n regte Afrikaner."

Ook word die kinders aangemoedig om fluks te leer. Op die laaste bladsy van die boekie verskyn 'n brief van Oom Lokomotief,<sup>20.)</sup> aan die kinders; dit lui as volg : „Oom Lokomotief is regte bly dat julle in di boeki so gou geleer lees het. Nou sal hy binne kort ver julle 'n tweede leesboekie druk, en 'n boeki met mooi prentjies en vertelsels." Ook word hulle aangemoedig om, as hulle geleer skryf het, briewe te skryf vir die Patriot, waar hulle ook briewe van ander kinders kan lees.

In 1880 verskyn die lang beloofde prenteboekie dan met titel : Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver Soet Kinders,  
Deur Jan wat versies maak. Gedruk by D. F. du Toit, Paarl 1879."<sup>21.</sup>

In 1885 volg 'n tweede vermeerderde en verbeterde druk. Hierdie tweede druk is dan vollediger en hier en daar is daar ook verbeterings in die spelling aangebring. In die voorwoord reeds word daar 'n spesiale woordjie tot die kinders gerig : „Di kinders wat in Di Eerste Afr. Spel- en Leesboekie mooi leer lees het, kryg hier nou 'n Boeki met mooi Prentjies en Leesstukkies daarby, om verder goed te leer lees." Ons kan ons voorstel hoe die kinders na die boekie moes uitgesien het as hulle reeds in die Spel- en Leesboekie leer lees het, en hul

toe al belowe is dat hul 'n prenteboekie sou kry.  
20. "Oom Lokomotief" was die skuilnaam van D.F. du Toit.  
21. "Jan wat versies maak" was die skuilnaam van C.P. Hoogenhout.

In die Inleiding tot die tweede druk sê oom Jan :  
„Daar moet glo regte baing soet kinders in ons land wees,  
want die eerste uitgawe van oom Jan syn Prente Boeki ver  
soet kinders was een, twee, dri uitverkog." Dit is 'n  
bewys van hoe gretig die kinders was om die boekie te lees,  
en dit gee al dadelik 'n aanduiding dat daarin geslaag is  
om die harte van die kinders te wen.

So word daar dan 'n praatjie geknoop aan elke prentjie,  
en oom Jan maak gebruik van die geleentheid om egte Afrikaanse  
dinge te beskryf en veral dinge waarin die kinders sal belangstel.  
Hier ook weer sien ons telkens hoe daar propaganda gemaak word  
vir die Afrikaanse saak. So gee oom Jan 'n paar afbeeldings,  
en beskrywings van 'n aantal wapens en o.a. word die wapen van  
die G. R. A. <sup>22.)</sup> baie sorgvuldig beskryf, en daarby sê hy  
dan : „onthou dit so lank as julle di wapen siet." Dan kom  
hy by die afbeelding van 'n lokomotief, en hier vertel hy :  
„Dis di vuurwa, kinders! Hulle noem hom Lokomotief. En daarom  
het hulle di man wat voor trek ver ons Nasie, ons Taal en ons  
Land oek die naam gegé van Lokomotief. Hy loop mos voor, en  
trek almal agter hom aan."

Dwarsdeur die boekie sien ons hoe oom Jan propaganda  
maak vir die Afrikaanse saak; en hy doen dit op naíewe en  
tog baie effektiewe wyse. Kyk nou weer na iets soos die  
volgende : op bls. 10 vind ons 'n prentjie van 'n hoë  
meneer wat die Patriot sit en lees. Daarby sê oom Jan dan:  
„Nou sal di kinders wil weet hoe dit dan is, lees die hoge  
mense dan oek al in di Patriot?" Dan kom die oortuigende  
antwoord : „O ja, Kinders! Eers het hulle ons taal verag,  
mar nou di Patriot al óer di 1800 intekenaars het en al dag  
kom daar nog by, nou is hulle wel verplig om dit te lees,  
want di mense begin al na di Patriot te luister, en daarom  
moet hulle weet wat daarin staat. En dis gen wonder dat al  
di Afrikaners ver di Patriot inteken ni, want hy pleit mos  
ver ons reg." Deurdát daar soveel dinge van algemene belang  
behandel word, sien ons die poging om die kinders se algemene  
kennis.....  
22.) Genootskap van Regte Afrikaners.

kennis uit te brei. Ook is die didaktiese strekking dwarsdeur die boekie teenwoordig. Daar word ook direkte prekie vir die kinders afgesteek, hulle word gewaarsku teen allerlei sondes soos rook, drank, dans ens.. Daarby word weer allerlei nuttige dinge voor hul aandag gebring; leersaamheid, opregtheid, eensgesindheid, werksaamheid, ens., is deugde waarna hulle moet strewe. Ook hier weer weet oom Jan propaganda te maak. As hy van leersaamheid praat, word daar 'n hand afgebeeld waarby hy vertel : 'n Mens syn hand kan ver baing dinge gebruik worde, ver goed en kwaad. Hier hou die hand 'n pen vas om te skrywe. Di kinders wat mooi leer lees het, moet nou mooi leer skrywe oek. Oom Lokomotief set mos in di Patriot " Briwe van Kinders" oek."

Ook wil oom Jan hê die kinders moet opregte Afrikaners word, en daarom maak hy 'n vergelyking tussen die goeie, ideale Afrikaner en die slegte of ontroue Afrikaner wat hy as 'n landverraaier beskou. By die prentjie van 'n olifant in kapstewels vertel hy op bls. 44 : " net so lelik as di olifant lyk met syn kapstewels, net so lelik is di valse beskawing van teenswoordig. Net so bespottelik is 'n Afrikaner wat syn landsaard en taal en sede wil verwerp om 'n Engelsman of 'n Hollander te wees."

---

ii. Godsdienstig en Stigtelik.

Maar hierdie stryers wou nie net die kinders leer lees en spel nie, hulle wou hul ook op godsdienstige gebied deur middel van hul eie taal opvoed; hul moes ook hul kennis van die Bybel uitbrei. Daarom vind ons dat daar nou ook 'n paar direk godsdienstige boekies uitgegee word. Hierdie boekies handel veral oor die Bybel en moet dien as hulp by Bybelstudie. Ook word daar boekies van stigtelike aard uitgegee, spesiaal vir die kinders. So verskyn daar in 1873 eintlik die eerste boekie in Afrikaans : Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissourens. In Hulle eige Taal Geskrywe. Deur Eem Vrind. 23.) Gedruk te Kaapstad 1873, waarvan daar tien

jaar later, 1883, 'n tweede verbeterde druk verskyn. <sup>24.)</sup> Dit is eintlik net die verafrikaansing van 'n mooi Bybelverhaal, en dit is uitgegee as 'n eerste proef.

Die poging wat aangewend word om die kinders in staat te stel om die Bybelverhale in hul eie taal te lees, vorm deel van die nasionale beweging. Daar is 'n tradisie wat moet gehuldig word, soos die skrywer dan ook aantoon in die voorwoord. Hy sê die geskiedenis van Josef is vir hom die mooiste verhaal in die Ou Testament en " ek is dan ook nie die enigste nie wat die storie van Josef mooi vint nie, want in die meeste tale waarin hulle die Bybel al vertaal het, het hulle ook aparte boekies gemaak waarin die geskiedenis van Josef beskree is. Nou lees die kinders van mense, wat vroeër mensvreter was, en wat in die Groot Stille Zuidzee woon, op hulle skool ook die geskiedenis van Josef net so goet, as die kinders wat in beskaafde lande, soo as Holland .... enz., woon. Elk een in sijn eige taal. In Afrika is ook banja van die boekies, maar in die meeste kom zulke hoë woorde voor, dat die Afrikaanse kinders et nie goet kan verstaan nie. En daarom moet daar tog ver hulle ook "Een Geskiedenis van Josef" in hulle taal geskrywe worde." As kinders in ander lande dan die verhaal in hul eie taal kan lees, moet die kinders hier ook die voorreg hê om dit in hul eie taal te kan lees.

Alhoewel dit dan maar net die Bybelverhaal is wat in Afrikaans vertaal word, slaag die skrywer tog daarin om die verhaal vir die kinders aantreklik voor te stel en hulle te boei. Die hele verhaal word op interessante en spannende manier vertel sodat dit nooit vervelig word nie. Ook word die kinders telkens self aangespreek, en hulle voel dat hul saam met die held van die verhaal lewe. Net een voorbeeld van hoe die skrywer sy lesers saam met die held laat lewe : Toe Josef tot onderkoning van Egipte benoem is " toe geef Faroa voor Josef een goue ring aan syn hand en een goue ketting om syn nek ..... En as Josef uitgaan moet elkeen voor hom op die.....

24.) Verbeterings in spelling en styl.

die knie val. Wat seh mijn kinders nou! Onderkoning van Egipte is een beetje anders as een arme slaaf in die tronk, neh? Is julle nie bly dat onse Josef soo verhoog is nie?"<sup>25.)</sup> Dit is sulke klein dingetjies wat die verhaal vir die kinders aantreklik maak.

Ook sien ons weer die didaktiese strekking deur die hele verhaal. In die voorwoord reeds word die kinders vermaan : "Die kindertjies moet nou maar mooi oplet en die storie van Josef nie alleen in die kop nie, maar ook in die hart bewaar. En dat God hulle net sulke harte mag gee as aan Josef, soo dat hulle ook eenmaal mag kom waar Josef nou is," is die wens van die skrywer. Gedurig wys die skrywer die kinders ook op die slegte karaktertrekke van Josef se broers en waarsku hul dan daarteen, of anders word hul attent gemaak op Josef se mooi karakter. Ook laat die skrywer nie die geleentheid verbygaan om aan die end van elke hoofstuk te wys op die les wat die kinders uit die verhaal kan leer nie.

Dit is nie genoeg dat die kinders net die verhaal in Afrikaans sal lees nie, maar daar word ook weer vir die Afrikaanse saak gepleit. In die "Besluit" word 'n beroep gemaak op die kinders om tog ook te bid dat die Bybel in Afrikaans sal vertaal word. "Myn kinders, moet nou nie alleen seh nie die geskiedenis van Josef was regte mooi en ons het hem soo goed kan verstaan, omdat hy in onse eige taal geskrywe is nie, maar julle moet ook net zulke goeje mense worde as Josef ..... nou wil ek ook voor julle een ding vra en dat is : as julle bid dan moet julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Býbel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal ook. En nog een ding : julle moet aan julle ander vrinde wat nie weet dat daar so 'n boekie in die Afrikaanse taal geskrywe is nie daarvan vertel, soo dat hulle ook die storie van Josef in hulle eige taal kan lees."

In die voorwoord by die tweede druk kry ons 'n

aanduiding.....

aanduiding dat die boekie baie byval gevind het, ook 'n aanduiding van die groot vooruitgang wat die Afrikaanse saak gemaak het vandat die eerste "Josef" verskyn het. "Dis ruim tien jaar gelede dat di boeki gedruk word .... Ag, wat het di arme Josef oek in Suid-Afrika moet uitstaan; amper net so veul as di held van ons geskiedenis vanselwe in Noord-Afrika! Wat 'n haat en Nyd, wat 'n koerantgeskryf teen di Afrikaanse Josef. En tog, hy leef nog! Hoe is di tyd verander! Di Patriot met syn duisende intekenaars en nog meer duisende lesers gaat ongestoord vort en win dageliks veld deur die lengte en breedte van ons land. Afrikaanse boekies is by tien-duisende verspreid, en ons volk vraag meer. "Josef" is al lank al uitverkog, en gedurig kom daar aansoeke : Druk Josef tog weer!" 26.) Gedurig word daar ook gewys op die feit dat die Afrikaanse saak tog vordering gemaak <sup>het</sup> te midde van al die vervolging en pogings om dit dood te smoor.

'n Paar jaar later verskyn daar twee direk godsdiens-tige leerboeke. In 1892 verskyn : Handboek ver Godsdiens onderwys, op di Skool, in di Katkesasi, by di Huis; en in 1897 : Bijbelse Vrage en Antwoorde albei deur Ds. S. J. du Toit. In die Handboek ver Godsdiens Onderwys word daar eers 'n uitvoerige medeling gegee van die verskillende maniere waarop die Bybel verdeel word en dan daarna 'n korter, eenvoudige verdeling. Ook word 'n uitvoerige oorsig van die Bybelgeskiedenis gegee sodat dit as 'n leidraad kan dien. Eindelik volg daar 'n kort tydtafel van die vernaamste gebeurtenisse. Die boekie is dus baie nuttig as handboek by Bybelstudie en die kort samevatting is nuttig vir leerlinge om die hoofpunte beter te onthou. Die groot doel van die boek is dan om die kinders in die godsdiens te onderrig, en aangesien dit maar 'n eerste poging is, word daar 'n versoek gerig aan diegene wat dit gebruik "om ons tog me te deel foute wat hulle daarin mag kry en verbeterings en anvallings wat hulle begeer."

In die "Woordji Fooraf" tot Bijbelse Vrage en Antwoorde 26.) Let op die veranderde spelling in die tweede druk. sê.....

sê die skrywer dat die aanleiding tot die skrywe van die boekie die Taalkongres was wat in 1897 gehou is, want daar is die "dringende ferlange" uitgespreek dat die Afrikaanse Bybelvertaling tog gou mag klaar kom veral omdat die Afrikaanse kinders nie die Hollandse Bybel verstaan nie en wat, "tog mar anhou dat hul ouers mar Genesis en Matteus <sup>27.)</sup> in Afrikaans lees, want dis hulle taal en di kan hulle ferstaan."

Ook hierdie boekie is bedoel om behulpsaam te wees in die godsdiensoonderrig van kinders en die indeling daarvan wys dat die opsteller dit vir hulle so eenvoudig moontlik wou maak. Die hele boekie is verdeel in 52 hoofstukke, vir elke week van die jaar een, elke hoofstuk het 12 vrae en antwoorde en dit is net 2 vrae vir elkeen van die ses weksdae, vir elke oggend en aand een. "Kyk tog hoe maklik is dit nou om 'n kind in 'n jaar tyd di hele Bybelgeskiedenis te laat leer."

-----

27.) Die vertaling van die Bybelboeke het toe reeds al verskyn.

B. TAALKUNDIGE BOEKE VIR VOLWASSE TAALKINDERS.

Ons het nou gesien watter pogings daar aangewend is om die kinders te onderrig en op te voed deur middel van hul moedertaal. Maar dit het nie by kinders alleen gebly nie, daar moes ook voorsiening gemaak word in die behoeftes van die volwasse taalkinders. Hulle moes ook onderrig word, veral in die grammatika van die Afrikaanse taal. Vir hierdie doel is boeke uitgegee soos : Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal in 1876 en in 1897 die Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels, wat alreeds by 'n vorige geleentheid genoem is; asook 'n reeks Samesprake in Afrikaans en Engels met Inleiding same met 'n lys van woorde en uitdrukkings Deur oom Willem. Vanaf 1885 - 1897, wat eintlik ook maar grammatikas is.

Soos blyk uit die "Woortjie Vooraf" tot die Eerste Beginsels, is die doel van die boekie om die mense die Afrikaanse taal te leer : "Een Afrikander kan nou uit die Eerste Beginsels in een paar dae of weke net so goed leer om syn eie taal te skrywe, as een Engelsman Engels, en een Hollander Hollands. Ja, Afrikaanders! Nou kan julle sien hoeveel gemakkeliker dit is om julle eie taal te leer, as vreemde tale." Ook in die Fergelykende Taalkunde wat net 'n breedvoeriger bewerking van die Eerste Beginsels is, blyk die doel te wees om sover moontlik die hoofreëls so eenvoudig en prakties moontlik te gee om die Afrikaner in staat te stel om Engels te leer en ook die Engelsman in staat te stel om Afrikaans te leer. Ook word daar gestrewe na die doel om die Afrikaner en Engelsman nader aan mekaar te bring in die daelikse lewe, op maatskaplike gebied, en ook hul verstandhouding met mekaar in die staatkundige lewe te bevorder, want daar het reeds baie misverstand ontstaan deurdad die twee groepe verskillende tale praat en mekaar dus nie verstaan nie.

Die grammatika van die Afrikaanse taal word dan hier behandel soos reeds aangetoon,<sup>28.)</sup> en veral word daar heelwat

aandag bestee aan die klanke, want " 'n groot moeilikheid om vreemde tale te leer, leg in di uitspraak. Di lewendige stem is amper onmisbaar." Daarom word daar getrag om so na moontlik die klanke van die klinkers in Afrikaans vir die Engelse duidelik te maak en ook andersom, die van Engels vir die Afrikaners duidelik te maak.

Die reeks Samesprake was ook niks anders as grammatikas nie en dit is gepubliseer met die plan om die Engelse sowel as Afrikaners te help. Hierdie samesprake moes verbasend populêr gewees het, want daar het so baie herdrukke verskyn : van die Samesprake No. 1 alleen was daar vyf uitgawes, van No. 2 was daar drie, en daar het ook nog 'n No. 3 verskyn, en daarop in 1897 verskyn daar 'n bundel van No's. 1, 2 en 3 saamgebind. Telkens word ons ook vertel hoe gunstig die boekies ontvang is, ook dat daar duisende verkoop is en dat daar dan nog aanvraag kom vir meer. Baie mense getuig ook hoe hulle Afrikaans of Engels geleer het uit die Samesprake en beveel dit dus aan by ander.<sup>29.)</sup>

Daar word dan eers 'n uiteensetting van die klanke in Afrikaans en Engels gegee, en daarna volg die praktiese toepassing daarvan in die dialoë. Die onderwerpe vir bespreking is gewoonlik dinge van algemene belang, sodat mense die terme wat in die verband gebruik word, kan aanleer en hulle hul dus gou in albei tale kan tuis voel. Agter dit alles sit daar dan ook weer didaktiek. In een samespraak word daar byvoorbeeld 'n praktiese onderwerp soos 'n dagvaarding bespreek en behalwe dat die lesers leer om die regte terme in die verband te gebruik, brei hul ook hul algemene kennis uit.

In 'n ander samespraak word daar gesels oor die taal en dan kom die vraag : " Hoeveul tale word in Suid-Afrika deur die wit mense gesproke? Dri tale, di Afrikaanse taal, wat di mense gewoonlik di lae Hollands noem, di Engelse taal, en di hoë Hollans of Eintlike Hollans .... van di Afrikaanse taal gesproke, spreek jy dit so's jy dit skryf; of skryf julle

so's julle dit praat? Ons reël is om dit so te skrywe as ons dit praat." Die bespreking word vervolg in die volgende samespraak en meer vrae word oor die taal gestel : "Hoe lank is dit nou vandat julle julle taal begin skrywe het? Eintlik geseg eers van di jaar agtien honderd vyf en sewentig. En het julle enige vordering gemaak? Al te seker. Mar het julle enige kans om te sla'e? Ons groot voordeel is dat di Afrikaanse taal leef in di harte van di volk. Mar kan 'n Engelsman in di Koloni ni klaar kom sonder Afrikaans ni? Hy is hier mar 'n halwe mens, as hy ni di twe tale spreek ni, omdat di grote meerderheid gen woord Engels ken ni. 'n Mens moet hier di twe tale ken." So word daar dan weer vir die Afrikaanse taal propaganda gemaak op 'n indirekte maar tog effektiewe wyse. Ook word die leser dadelik getref as sake bespreek word waarvan hy reeds iets weet soos byvoorbeeld van wanneer af die Afrikaanse taal geskryf word, en dit maak 'n indruk op hom.

Waar moontlik word die Afrikaanse uitgawes geadverteer en die skrywer maak dan gebruik van een van die samesprake vir die doel. Iemand stap kamma 'n boekwinkel binne en verneem na Afrikaanse boeke. Nadat hy die lys gesien het, koop hy 'n geskiedenis boek: Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk, 'n Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal, 'n Almanak vir 1885 en 'n Spel- en Leesboekie.

-----  
C. GESKIEDKUNDIG.

i. Geskiedenisboeke.

In die Nasionale beweging word daar ook nou 'n poging aangewend om vir die mense 'n geskiedenis in hul eie taal, en veral van hul eie land en volk te gee. Die stryders het gou besef hoe noodsaaklik dit is, want "om nasionaliteitsgevoel op te wek by 'n volk, moet jy hulle bekend maak met hulle geskiedenis." 30.)

So.....  
30.) Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging, bls. 68.

So word daar dan uitgegee direkte geskiedenisboeke, in die sin dat dit blote opsomming van geskiedkundige feite is, asook geskiedenisboeke in populêre vorm, soos byvoorbeeld Reisverhale, historiese romans en dramas. Hierdie werke speel dan ook 'n belangrike rol en gee die nasionale beweging 'n groot stoot. Ook dien die beskrywing van belangrike gebeurtenisse om vaderlandsliefde en nasietrots by die volk in te boesem.

In 1879 verskyn daar dan Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk, 'n boek van IV + 235 bladsye waarvan daar in 1895 'n tweede druk verskyn Angevol tot 1895 en vermeerder met Bylage. Die doel van die geskiedenis is dan om te voorsien in die behoefte van die Afrikanervolk aan 'n geskiedenis in hul eie taal en oor hul eie volk. Daarom sê die skrywers ons reeds in die voorwoord tot die eerste uitgawe dat dit moeilik gegaan het om die boek geskrywe te kry, want daar was nie genoeg bronne om uit te put nie. Daar bestaan wel genoeg Engelse geskiedenis van ons land "en dat ons op di Engelse Geskiedenis ni so mar o'eral kan afgaan ni, sal elke leser wel sien voor hy ons boek uitgelees het."

Die werk is deur verskillende skrywers opgestel, en die informasie is gedeeltelik verkry van mense wat self die geskiedenis beleef het, sodat dit volgens die uitgewers, eerstehands en daarom vertroubaar is. Daar word ook nie altyd gesê wie die skrywers is nie. So hoor ons byvoorbeeld dat die geveg by Boomplaats berig is deur "een wat daarby was."

Hier is nou weer 'n gulde geleentheid om teen die Engelse te velde te trek. Daar word gewys op die manier waarop hul geskiedenis skryf, en hoe onvertroubaar hulle dus is : "In die Engelse Geskiedenis word so gemaak: as di Engelse o'erwin, o ja, dan word daar 'n grote bohaai van gemaak; mar as hulle verloor, dan blij hulle mar mooi stil daarvan ..... op di een plek is dit : "dis verstandig om daar mar 'n sluier o'er te trek, want di uitslag was ni gelukkig ni" - op 'n ander plek weer word net vertel van di Engelse oorwinnings." 31) Dis opmerklik dat die beskuldigings 31) Bls. 73. wat.....

wat gewoonlik teen die Engelse ingebring word, ongegrond is, maar die feit dat die stryders hul doel daarmee bereik, is tog belangrik.

Soos die titel aandui, handel die werk net oor Suid-Afrikaanse geskiedenis, en dit begin by die tyd toe die Kaap deur Diaz ontdek is. Ons verneem dit reeds in die voorwoord as die werk met die volgende wens die land ingestuur word : " Gaat dan, papire kindji, en vertel an ons Landgenote wat hiir al gebeur is van Bartholomeus Diaz hiir gekom het, totdat hulle nou begin te praat van di Verenigde State van Suid-Afrika!" Vertel di waarheid; bestraf di leugen; en bring di dade en lotgevalle van ons voorouers weer an di lig!" Die grootste gedeelte van die boek word dan ook gewy aan die 19de eeu, 'n deel word afgestaan aan die geskiedenis van die Hugenote, en veral die Hugenote " an di Kaap."

Die een groot doel van die geskiedenis is dan om die tradisies van die voorouers van die Afrikanervolk te laat herlewe om so die nasionale gevoel van die volk aan te wakker. Daar word gesê : " Dis die boek wat elke Afrikaner moet hê wat iets fan di geskiedenis fan syn land wil weet." 32.) Ook is gesê : " die doel van die werk was beslis nasionaal, om ons kinders van jongs af bekend te maak wat hulle vaders al deurgestaan en gelij het hier in die land waar vreemdelinge ons nou wil vertrap." 33.)

Daar is 'n aantal insidente in die geskiedenis wat aantoon dat hier propaganda gemaak word by die volk. Veral by die beskrywing van die Slagtersnek-episode word sterk gevoel geopenbaar. Na 'n beskrywing van hoe die vyf man gehang is, word gesê: " En terwyl ons onder hulle vrinde 'n o'eblik by hulle graf sit en nadenk, voel ons dat ons hart seg : "Ween Afrikaanders!" Hier lê julle vlees en bloed! op di wreedaardigste manier gemartel ..... mar kom, 'n ander dag sal aanbreek, dan sal ons mo'entlik di graf by 'n ander lig sien!" 34.) So....

32.) In advertensie vir die boek.

33.) S.J. in Weg en Werk. bls. 76.

34.) Bls. 62.

So word daar direk op die mense se gevoelens gewerk en die leser kan nie help op agter dit alles wraak gesuggereer te sien nie. Dit is dan ook verstaanbaar dat die patriotsgesinde Afrikaner wat soiets lees, baie sterker oor die saak sal voel, veral as dit soos 'n indirekte beroep om wraak voorgedoen word.

Van die lippe van 'n pas oorlede grysaard word die volgende omtrent Slagtersnek opgeteken : "Watter opregte Afrikaner lewe daar, wat nog ni di woord Slagtersnek gehoor het ni, en iits weet, van wat in verband met di woord voorgeval is? Ne, ni maklik sal vergeet worde wat in 1814 en 1815 op di grense van di Koloni voorgeval is ..... En as daar een gebeurtenis is, wat altyd 'n eerste plaas sal inneem in di hart van di Afrikaner, dan sal dit Slagtersnek wees. Dis mar jammer dat deur di opgroeiende geslag ni meer belang gestel word in di dade en geskiedenis van di voorouers in." Hier sien ons weer 'n beroep op die volk om die tradisie van hul voorgeslagte te huldig, en alhoewel daar miskien iets sentimenteels in die woorde van die grysaard steek, help dit tog om 'n groter indruk op die leser te maak.

Ook kom daar telkens die beroep op die Afrikanervolk om hul te verset teen die verdrukking wat hul voorouers moes gely het en die onreg wat hulle nou nog aangedoen word. So word hulle aangehits om hul oë oop te maak en te veg vir hul eie regte. Daar word byvoorbeeld in verband met die "Uitgeweke Boere" 1836-1875 gesê : "Di uittrek van di Boere is seker een van die vernaamste gebeurtenisse in di geskiedenis van di Koloni onder di Engelse. Watter Afrikaner syn hart klop ni onstuimig in syn lyf ni as hy di redes van die uittrek bedenk? Hy is di naam van Afrikaner ni werd ni, wat onder di lees van al di verdrukking en onreg en di rampe wat di Boere gely het, kan koel bly. Dis tog waarlik gen kleinigheid om ni minder as 6,000 stille en vreedsame mense te noodsaak om hulle plase en alles op te gē en in 'n woeste land te gaan herberg seek." 36.)

35.) Bylaag XI bls. 151 van die Tweede uitgaaf. Gedurig....

36.) Bls. 87.

Gedurig word daar ook gehamer op die feit dat die boere soveel verdrukking en vervolging verduur het, en die beroep word dan gemaak op die Afrikanervolk om die tradisie op te hou en in die voetstaple van hul voorvaders te volg. Daar word veral klem gelê op die handhawing van tradisies, want dit is iets wat help om die groepsolidariteit te versterk.

In 1881 verskyn daar nog 'n geskiedenis met titel : Die Geskiedenis van die Transvaal of Die Suid-Afrikaanse Republiek van die laaste tien jare. Gevertel door Klaas Waarsegger aan zijn neeft Martinust in Hollant. In die Eige Boere sijn taal, 'n boek van 74 bladsye en uitgegee te Leiden. <sup>37.)</sup> Dit is duidelik dat <sup>dit</sup> geen Afrikaner is wat hier skryf nie, omdat sy taal erg Hollands gekleurd is, en selfs uit die titel blyk al hoe foutief sy taal is. Maar volgens hom skryf hy so " omdat men verpligt is in de Transvaal zoo plat te spreken omdat de kleurlingen anders de menschen niet begripen. De taal zelve is zeer gemakkelijk." <sup>38.)</sup>

Die geskiedenis neem die vorm van 'n vriendskaplike brief, want vereers gesels die skrywer met sy neef oor allerlei sake, en dan sê hy dat hy hom iets sal vertel van die geskiedenis van die republiek waarin hy dan 'n uiteensetting gee van toestande in die Transvaal.

Eintlik is hierdie boekie nie vir my doel van soveel waarde nie, afgesien van die feit dat die skrywer vermoedelik 'n Hollander is en die boek in Leiden gepubliseer is, wat aantoon dat selfs Hollanders wat buite die stryd en taalbeweging gestaan het, in die Afrikaanse taal geïnteresseerd was.

In 1886 verskyn daar nog 'n geskiedenis, vermoedelik ook deur 'n Hollander geskryf : De Geschiedenis Der Hugenoten van Het Jaar 1521-1789; Door Pastor. (Eerste Boek). Hierdie werk is in Nederlands geskryf, maar volgens Dr. Lydia van Niekerk <sup>37.)</sup> M. de Vries die skrywer daarvan. is.....  
<sup>38.)</sup> Uit die "Woord Vooraf."

is daar 'n Afrikaanse bewerking daarvan deur Lion Cachet, maar ongelukkig kon ek dit nêrens kry nie.

In die "Voorwoord" word die doel van die geskiedenis ook weer as volg gestel : " Reeds sedert lang had ik het voornemen opgevat om aan de zonen der Hugenoten in Zuid Afrika de geschiedenis hunner vaderen te verhalen." Die Hugenote het wel 'n rol gespeel in ons Suid-Afrikaanse geskiedenis en daarom moet dit behandel word.

Wat dan eintlik beskryf word, is die stryd wat gevoer is in die hele Europa in die tydperk van die Hugenote in Frankryk waar die stryd ook die felste gevoed het. Weer sê die skrywer : " Wij hebben ons voorgenomen dién stryd te beschouwen. Wij wenschen den kinderen der Hugenoten te leeren hoe hunne vaderen hebben geleden en gestreden, wat zij hebben gedaan en geleed. Wij willen hunne deugden tot opwekking, hunne verkeerdheden tot waarschuwing gadeslaan, en in alles de groote daden Gods beschouwen." 39.) Hierdie stryd word dan uitvoerig beskryf, maar eintlik het dit niks met Suid-Afrikaanse geskiedenis te doen nie, en klaarblyklik moes daar 'n tweede deel van die boek verskyn het, want die skrywer eindig die eerste deel met die woorde : " Vreeslijke tijden braken achter aan. De Burgeroorlog was, eigenlijk gesproken, reeds begonnen. De Beschouwing van die Burgeroorloge zal de inhoud van ons tweede boek uitmaken." 40.)

'n Ander geskiedenis wat weer direk oor die Afrikaanse gebeurtenisse handel, het in 1897 verskyn : Gebeurtenisse uit Di Kaffer Oorloge fan 1834, 1835, 1846, 1850 tot 1853. Deur P.P.J. Coetser S.R. wat later padwyser geworde is fan di Troepe, nadat hulle eers enige mislukte ontmoetings met di Kaffers gehad het. 41.)

Volgens die titel lyk dit asof die werk handel oor die Kafferoorloë, maar eintlik is dit feitlik net die verhaal

39.) Bls. 4.

van.....

40.) Ongelukkig kan ek niks van die tweede boek uitvind nie.

41.) Volle titel soos dit op die titelblad verskyn.

van gebeurtenisse uit daardie oorloë en in besonder die lotgevalle wat die skrywer self wedevaar het. Aangesien dit dan in die vorm verskyn, sou 'n mens verwag dat dit meer populêr moes gewees het, maar nêrens is daar 'n aanduiding dat dit besonder gesog was nie, alhoewel die feit dat daar reeds twee uitgawes was tog wil aandui dat daar rede was om nog 'n uitgawe te publiseer.

Hier sien ons weer die neiging by die skrywer om telkens te wys op die ontberings wat die boere moes verduur van die Kaffers en hoe dapper die boere was. Dit moet ook net dien as 'n middel tot die doel om die lesers te laat belangstel.

-----  
ii. Beskrywings en Reisverhale.

Nie alleen is daar direkte geskiedenisboeke uitgegee nie, maar ook beskrywings wat as indirekte geskiedenis beskou kan word. Die direkte geskiedenis verskaf net blote feite en is dus geneig om droog te wees, terwyl by die beskrywings daar eintlik geen feite is nie en dit daarom interessanter en meer populêr is.

In 1877 verskyn die belangrikste boek op hierdie gebied dan ook : Het Misdadig Engeland. Tot Troos ver ons Landgenote in Transvaal, Bij die Anhegting Deur die Engelse. 42.) Uitgegeë deur die Genootskap van Regte Afrikaners. Hierdie werk het vroeër reeds in die Patriot verskyn voordat dit in boekvorm gepubliseer is.

In die "Inleiding" word die doel van die boek dan as volg uiteengesit: "Tot troos ver ons verdrukte broeders in Transvaal en tot vervulling van ons eye behoefte, geef ons in 'n party stukke 'n verhaal van England syn dae (in ons oog onregverdig) in ~~Tey~~land, Amerika, Indie, Zuid Afrika ens., onder die titel wat boan staat." Verder word ook gesê dat wat hier gegee word net uittreksels is uit 'n groot werk 42.) Heelwaarskynlik het S.J. du Toit die grootste van..... aandeel gehad, want die beskrywings in die werk stem ooreen met beskrywings deur hom in "Alweer 'n Reis."

van 'n Fransman Elias Regnault, wat alles wat hy sê bewys met offisiële stukke. Die boek bestaan in Hollands in drie dele, maar dit is nou uitverkoop en nie meer te kry nie, „en buitendien is dit tog te groot; 'n Afrikaner het nie tyd en lus om grote boeke te lees nie. Mar die pit van die boek geef ons hier in kort. Nou kan en sal elkeen dit lees.”<sup>43.)</sup>

Dis opmerklik hoeveel moeite daar gedoen word om hierdie dinge ook vir die Afrikanervolk beskikbaar te stel. Daar word nie alleen vertalings nie, maar ook verkorte uitgawes van belangrike werke gepubliseer. Daar word gevoel dat so 'n boek in 'n dringende behoefte moet voorsien, want „dis ver ons van groot belang om 'n bietjie meer te weet van England syn ware karakter en geskiedenis as wat ons gewoonlik hoor van Engelse en kryg in oppervlakkige Engelse leerboekies.”

Dan ook „tot troos ver ons Transvaalse broeders kan dit dien om te lees hoe England van dié dag af gehandel het, nie alleen hier, maar in andere lande ook, want dis tog daarom nes syn hart lug kry as hy weet dat hy nie die enigste is wat moet onreg ly nie, veral as dit van dieselfde verdukker kom.”

Hier kry ons dan 'n direkte optrede teen Engeland, en dwarsdeur die stuk word die Engelse beskuldig van onreg wat hulle ander volke aangedoen het. Die skrywer meen dan dat hy genoeg bewyse het om Engeland as 'n groot onderdrukker te bestempel. Vervolgens word daar verhaal hoe al die bogenoemde lande mishandel is, en daar word net gehamer op enkele trekke wat die Engelse karakter lat ken.”<sup>44.)</sup>

Daar word ook 'n hoofstuk gewy aan die Inwendige Staatkunde van Engeland, en o.a. word die woorde van Lord Byron aangehaal wat hy in 1822 in die Parlement gesê het :  
„Ik heb Spanje doorkruist, dat door den oorlog was verwoest; ik heb het eenige der meest onderdrukte provincien van Turkye bewoond, maar nergens zag ik zoo veel ellende als in Engeland.”  
Alhoewel die beskuldiging gegrond is, want toestande onder die armes in Engeland was in hierdie tyd allerellendigs, word die  
beskrywing.....

43.) Bls. 2 van die Inleiding.

44.) Bls. 9.

beskrywing miskien effens oordryf. Dit lyk tog of daar getrag word om Engeland in 'n slegte lig te stel om so 'n doel te bereik.

Eindelik kom die skrywer tot die behandeling van Engeland syn gedrag in die Vrystaat.<sup>45.)</sup> Hy sê dit moet ook aangestip word, want alhoewel „die dinge nog in die geheuge is, tog kan ons dit nie oerslaan, mar moet ook die hoofpunte aangestip word ver die nageslag." Dit is veral hier dat die Afrikaner opgehemel word, terwyl Engeland beskuldig word van al die onreg wat sy die Afrikanervolk aangedoen het. Ook moet die volk hieruit sien dat dit hoogs tyd is dat hulle nou die juk van die verdrukker afgooi en strewe na onafhanklikheid.

Daar word dan op die wyse gesimpatiseer met die Transvalers, en dit moet vir hulle 'n troos wees om te sien dat hulle nie die enigste is wat moes ly onder die verdrukker nie, maar dat baie al net so gely het. Hulle word dan aangespoor om te stry en veral om te let op die spore van hul voorouers. Die vraag word ook gestel : „Broeders, het julle die nederigheid van die oue "Voortrekkers" bewaar? Is die pou van hoogmoed nie miskien in die hart gekom? Mar ons kan begryp wat julle nou moet voel. Al die hoop en verwagting op eenmaal verdwyn! Veertig jare verniet gestry en gely vir julle vryheid! Alle Regte Afrikaners deel in julle smart, almal wat reg en geregt<sup>ig</sup>heid lief het." Dit is dan ook om die rede dat daar 'n verslag van die gebeurtenisse vir die nageslag moet bewaar word.

'n Werk wat in nou verband staan met die vorige, en wat in 1886 verskyn het, is : Alweer op Reis. Di slag as Lid van di Transvaalse Deputasi, 1883-1884. Deur Ds. S.J. du Toit. Superintendent van onderwys in di Z.A. Republiek, waarin S.J. du Toit sy reis deur Europa beskrywe.

Ons kry 'n beskrywing van die reis deur Engeland, Holland, België, Frankryk, Portugal en Spanje, maar veral 45.) Bls. 49. staan....

staan hy stil by Engeland. Hier word weer die agterbuurtes van Londen beskryf en ook tref die skrywer vergelykings met Suid-Afrikaanse toestande. Hy kom tot die gevolgtrekking dat : „daar is niks so vreeselik in enig ander groote beskaafde stad, ne selfs ni in Parys of New York; daar is nergens in di Christelike wêreld sulk 'n opeenhoping van ellende, liederlikheid en verlagings, as in Engeland." Met hierdie beskuldigings wil die skrywer dan die Afrikanervolk oortuig hoe sleg die Engelse is, en hul waarsku om nie slaafse navolgers van die Engelsman te wees nie.

In verband met die beskuldiging wat die Engelse teen die Afrikanervolk inbring dat hulle die Kaffers hier sleg behandel, sê die skrywer : „Vereers siet ons hieruit, dat di mensevrinde van Londen wat sodanig werk ver di arme Kaffertjies in Suid-Afrika, beter sal doen as hulle eers voor hulle eie deur veeg. Ek sou ten minste liwers 'n Kaffer in Transvaal wil wees as een van di ongelukkige „Straat-Arabië" in di skuilhoeke van Londen....."

Alhoewel die Engelse sulke verdrukkers is en uitgemaak word vir al wat sleg is, besef die Afrikaner tog dat hulle iets van hul kan leer. So gee S. J. du Toit ons 'n interessante beskrywing van sy besoek aan Westminster-abdy, waar hy so baie standbeelde gesien het wat opgerig is ter ere van hul helde. Hy sê hy dink dit is tyd dat „ons oek begin om di manne wat soveul ver ons gedaan, gestry en gely het in dankbare andenking te hou by di nageslag", want daar het hy gesien wat standbeelde doen vir nasionaliteit. Hy is ywerig om „enige poging te bevorder wat strek om eerbied vir die voorgeslag in te prent by di jeug tot opkweking van nasionaliteitsgevoel."

Alhoewel hierdie werke weinig of geen geskiedkundige waarde het nie, verskaf dit tog interessante leesstof en slaag die skrywer daarin om veral deur middel van die soort werk 'n nasionaliteitsgevoel by die volk aan te wakker.

In.....

In 1894 verskyn daar nog 'n reisverhaal : Di Meer N'Gami en ander Noordelike Streke. Reissketse deur Hendrik. O'ergedruk uit Di Afr. Patriot. 46.) Hierdie werkie is net van belang in sover dat dit in Afrikaans geskryf is en dus ook leesstof verskaf. Die skrywer het ook geen ander doel met die boek nie as "net omdat ek denk dat dit ver di trekkers na di N'Gami gebiid, en selfs vir di wat daar belang in het, van nut kan wees, en as sodanig word dit beleefdlik in di guns van di publiek aanbeveel."

-----  
iii. Historiese Romans en Dramas.

In sy Alweer op Reis, waar S. J. du Toit praat van die publieke vermaaklikhede van Londen, bespreek hy ook die betekenis van die toneel vir Europa en vir ons in Suid-Afrika. Hy hou hom dan besig met die vraag : "In hoever behoort di opvoeders van onse nasi hulle andag te wy an di toneel, as werktuig van nasionale opvoeding en ankweking van nasionaliteit en sedelikheid. Hoeveul sou goeje historiese toneelstukke kan doen om eerbied ver di voorgeslag an te kweek?"

As vrug van hierdie oorweging word daar in 1896 van die hand van Ds. du Toit die volgende historiese toneelstuk gepubliseer : Magrita Prinslo of Liefde getrou tot in di Dood. 'n Historiese Toneelstuk uit di Tyd fan di Grote Trek. (Fer di eerste maal opgevoer in di Stadsaal an di Paarl, in Jannewari 1897, tydens di Afrikaanse Taalkongres.) 47.)

Hier het ons dan 'n stuk egte nasionale literatuur in populêre vorm. 'n Welbekende deel van die Afrikaanse geskiedenis, n.l. die Voortrekkers, word behandel. Die stuk handel dan oor die nasionale helde, wat die nageslag behoort te eer, wat die woesteny intrek in die strewe na onafhanklikheid. Deur die geskiedenis word 'n liefdesverhaaltjie gevleg wat die stuk aantrekliker maak. Die toneelstuk bestaan uit vyf bedrywe. Die hele voorstelling is baie sentimenteel, ook word daar nog te veel informasie gegee wat nie ter sake 46.) Naam van die skrywer onbekend.  
47.) Volle titel soos dit op die titelblad verskyn. is....

is nie. Afgesien van die literêre waarde van die stuk, lê die waarde daarvan vir ons doel in die feit dat dit as middel gebruik word om die volk nasionaal wakker te skud. Dat die stuk dan ook die gewenste uitwerking op die volk gehad het, sien ons uit 'n verslag van die eerste opvoering daarvan :  
"Die stadsaal was propvol en g'n een het onbewoge vandaar  
" 48.)  
gegaan nie."

Die sentimentaliteit van die stuk speel 'n groot rol, want hierdeur word die mense makliker beïnvloed. So is daar baie voorbeelde hiervan. As Ragel en haar man Klaas die graf van Slagtersnek vir die laaste maal gaan besoek voordat hulle daarvandaan vertrek, sê sy : „Wag man, ek wil 'n bitji fan di grond wat deurweek is fan ons trane meeneem, waar ons oek al in di wêreld gaan ronddwaal, tot 'n ewig-durende gedagtenis." Daarop sê Klaas : „Ja, waar ek oek op di wêreld gaan, en wat myn lot oek mag wees, ek sal Slagtersnek nooit vergeet nie." Sy vrou voeg daarby „ek en myn kinders en kindskinders oek nie." 49.) Daar is dan weer 'n indirekte beroep op die volk om lojaal te bly aan hul land en hul volk, en dat Slagtersnek nie mag vergeet word nie. Dit is dan waarskynlik ook die rede waarom hierdie deel van die geskiedenis, waarmee die volk goed bekend is, en wat hulle die naaste aan die hart lê, vir dié doel gebruik word.

Ook as Retief die waens laat stilhou sodat die mense vir die laaste maal kan terugkyk na die buurte waar hul gewoon het, sien ons onwillekeurig die begeerte van die skrywer om hierdie prentjie in die lesers se geheue te graveer sodat hy dit nooit sal vergeet nie. Woorde van bemoediging kom dan tot die volk : „Laat ons fergeet wat agter is en soek wat voor is. Ons land is groot, ons land is goed. En onse troue God sal fer ons weer 'n goeie, altemit nog mooier, nog beter en nog ryker land ge." 50.)

Dit is ook opmerklik hoe daar altyd 'n bietjie

48.) S. J. du Toit in Weg en Werk, Bls. 327.

49.) Bls. 2.

50.) Bls. 6.

godsdienst deur byna al hierdie eerste werke gevleg word. In die poging om die volk te probeer wen, maak die voorstanders van die Afrikaanse saak gebruik van die feit dat die Afrikanervolk baie godsdienstig, en vas aan hul Bybel is. Ook merk ons die godsdienstige element in hierdie toneelstuk. So iets soos : „Een troos! daar is 'n oog wat alles sien en 'n geregtigheid wat onreg straf en an ferdrukke reg doen," moet dien as troos en ook hoop vir die Afrikanervolk. Gedurig word die leser daaraan herinner dat hierdie helde eenvoudig net afhanklik was van die leiding van God, en telkens word daar melding gemaak van die Statebybel wat altyd in die wakies moes wees, want dit is „di enigste troos waarmé ons di woestyne ingaan: onse liwe trouwe vader sal ons bewaar."

In elke nasionale beweging is daar ook altyd 'n strewe na onafhanklikheid, en dit kom duidelik uit in hierdie stuk. Deurdat die leser telkens gewys word op die ontberings wat ons voorouers moes verduur het, en omdat dié deel van die geskiedenis so lewendig voorgestel word dat dit as 't ware herleef, kom daar 'n beroep dat die volk die goeie stryd om onafhanklikheid wat die dappere voortrekkers begin het, sal voortsit. In die opsig bereik die werk sy doel, en daarom het die toneelstuk groot kultuurhistoriese waarde.

Twee jaar later, 1898, verskyn daar 'n historiese roman, ook deur Ds. S. J. du Toit : Di Koningin Fan Skeba of Salomo syn oue Goudfelde in Sambesia. Historiese roman met prente. O'ergedruk uit Ons Klyntji.

In die „Inleiding"sien ons dat Ds. du Toit sy belofte hou wat hy gemaak het toe hy sy Sambesia - ook 'n reisverhaal, maar in Nederlands geskrywe - uitgegee het. Wat hy beoog, is om die „oude tye te doen herleef, en die Konongin van Scheba te doen herleef saam met Salomo en heel de omgeving der bevolking die in die ver<sup>y</sup>e tye hier leefde en arbeide. Dus niet een geskiedenis ook niet eene algehele verdichting, maar eene herleving van dien tyd zoo

na mogelijk, volgens de gegevens welke wij hebben in oude historiese werke en uit deze overblyfselen; maar dan hervindt ge Zimbabwe en heel Sambia vol lewe en beweging, die goudindustrie in vollen bloei, geheel het maatschappelyk verkeer; en veral hopen we u te doen beseffen dat die ouden ook menschen waren, die leefden, gevoelens, beminden, haaten, vreugde en smart kende evenals wij." Hier het ons die doel van die werk uiteengesit.

Wat hierdie werk bereik het, was om leeslus by die volk te help aankweek. In die verslag van die Tweede Taalkongres word daar melding van gemaak dat vandat hierdie verhaal in Ons Klyntji begin verskyn het, die aantal intekenare geweldig toegeneem het. So het die verhaal dan eers in die tydskrif verskyn, totdat dit later oorgedruk is en in boekvorm verskyn het.

As ons moet oordeel volgens die aantal herdrukke van die werk wat sedert 1898 verskyn het, en die feit dat die boek nog vir ons hoërskole voorgeskryf word, moes dit verbasend populêr gewees het. Dit is omdat S. J. du Toit so 'n goeie stuk werk daarvan gemaak het. Alhoewel daar nog gebreke is soos byvoorbeeld die eentonigheid van die awonture, ens., het die stuk tog verdienstes. Die skrywer openbaar 'n diepe kennis van die Kafferlewe, en ook gee hy ons mooi beskrywings van die romantiese Fati-streek. Dit moet ook beskou word as een van die weinige kunswerke van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging.

-----

-----



beurs wil vul met Afrikaanse welvaart om dit dan in Europa te gaan verteer." Die groot doel is dan om die welvaart van Suid-Afrika te bevorder en insonderheid om ware nasionaliteitsgevoel aan te kweek. Die regte en belange van elke afdeling van die bevolking word in beskerming geneem, maar in besonder dié van die boerebevolking wat nog altyd op die agtergrond geplaas was. Ook word die volkstaal beskerm waar dit verwaarloos is op kerklike, maatskaplike en staatkundige gebied, en veral in die skole. Ook stel die Bond hul ten doel om die onderwys van die Boerebevolking te bevorder. Die hoogste strewe bly dan die bevordering van Afrikaanse belange en omdat samewerking hiervoor nodig is, word die volk aangespoor :  
" Lat daar tog eenkeer 'n nasionaliteitsgevoel onder ons ontwaak, en waar dit geld Afrika's welvaart, lat ons daar staan as een enig man ver ons land en ons volk."

Die middele waardeur die doel bereik moet word, is deur di verspreiding van degelike en nuttige boeke en geskrifte na die behoefte en vatbaarheid van di bevolking," want die beskerming van die landstaal moet hoofsaak wees van so 'n Bond. Die houding wat ingeneem word, is bepaald anti-Engels. Hul besef dat daar gewaak moet word teen die kwaad wat die Engelse en Engelsgesindes hier versprei, veral deur die drukpers en verspreiding van Engelse tydskrifte. Afrikaners word gewaarsku dat hulle nie sulke tydskrifte moet bevorder deur daarin te adverteer of daarop in te teken nie. Direk tot die leser word gesê : " Seg nou self leser, is so 'n Bond doelloos? As ooit of in enig land so 'n Bond nodig is, dan is dit hier, nou nodig." Hulle voel oortuig dat dit nou die tyd is om te werk te gaan, want daar is nou 'n algemene ontwaking van nasionaliteitsgevoel. Ook die woedende Jingoïsme maak dit noodsaaklik dat die Afrikanervolk nou hul kragte byeen moet versamel. " Dit moet nou of nooit. Daar was nog nooit so 'n gelegenheid voor ni en ons sal gen betere kans kry ni. Dit hang nou net van di volk af, of hulle di saak wil anvat of ni." 53.)

Ons.....

Ons kan beseef hoe belangrik hierdie boekie moes gewees het en hoeveel invloed daarvan uitgegaan het. Ook is dit duidelik dat dit weer net 'n propagandastuk is en as sulks sy doel bereik.

In 1883 verskyn daar nog 'n boekie wat ons onder die politieke afdeling kan groepeer : Di Ontslag van Dr. Jorissen. Enige artikels, Ter Verdediging van di Transvaalse Volksraad in Bowegenoemde Saak. Oergedruk ui Di Afr. Patriot. Dr. Jorissen was Staatsprokureur van die Suid-Afrikaanse Republiek en hy is ontslaan omdat hy nie bekwaam genoeg was vir sy pos nie. Dan volg 'n uiteensetting van die rol wat Jorissen gespeel het, en daar word ~~ve~~duidelik waarom die Transvalers rede genoeg gehad het om hom te ontslaan. Sy ontslag het groot opspraak verwek en die verskillende koerante skryf dan oor die saak. Dit is belangrik dat die Patriot die Transvaal verdedig terwyl die Volkstem en ander koerante die ander kant van die saak bepleit. Daar word ook 'n lys gegee van al die koerante wat deelneem en o.a. word bygevoeg : "en, o wee! Zelfs di arme "Patriot" moet daarby, anders is di spul nie volmaak nie, al is hy dan 'n wanklank in di harmoni, 'n Saul onder di profete, 'n Micha onder Achabs waarseggers." Terselfdertyd ook 'n pleidooi vir di Patriot!

Die Volkstem e.a. trek veral te velde teen die Transvaalse Volksraad, en die teenstand word as ongegrond beskou, maar is volkome verklaarbaar, want "di meeste van di korante wat so 'n lawaai opgeskop het, is Engelse korante of Jingo-organe. Van hulle kan 'n mens dit verwag, hulle soek mar net altyd 'n kans om di Transvaalse regering en Volksraad sleg te maak. Mar regbeskoud bewys hulle Transvaalse voortreflike dienste. Hulle is di Transvaalse politieke barmeters; net mar as hulle mooi weer wys, dan is dit seker reën, en as hulle storm wys, kan jy op mooi weer reken."

"Wat die Volkstem angaat, van di het ons kon verwag dat ons tydgenoot sal party trek ver Dr. Jorissen, want om di

waarheid.....

waarheid te sê di loopbaan van die Volksstem is in veule opsigte so volkome an di van Dr. Jorissen gelyk, dat daar wel hartelike simpati en 'n offensief en defensief verbond tussen di twe mag bestaan." Albei het altyd die Britse 54.)  
ondersteun en is gou deur die Engelse bedank toe hulle nie meer nodig was nie en albei is toen mar ver hulle brood " na di Boere teruggekom." So word die Afrikaners dan ook weer opgehemel as die geleentheid daar is en selfs word daarop gewys dat die Patriot maar altyd bo is alhoewel mense probeer om dit te vertrap. Ook is die Patriot 'n eg vaderlandsliewende blad wat belangstel in en veg vir die belange van die Afrikanervolk.

-----

E. EKONOMIESE GEBIED.

Die feit dat mense nou ook begin belangstel in ekonomiese vraagstukke, sterk ons bewyse dat die Afrikanervolk teen die tyd vinnig begin wakker word het. So besef hulle ook nou dat dit wenslik is dat hulle 'n eie nasionale bank oprig, want hulle voel dat die Standaardbank wat onder beheer van die Engelse is, hul onderdruk. Daarom verskyn daar dan in 1882 'n boekie wat bestaan uit slegs 8 bladsye in Afrikaans met 'n Nederlandse aanhangsel van xxiv bladsye : Di Oprigting van Banke. Enige Artikels. O'ergedruk uit di Patriot onder di hoof „Di Standard Bank” wat oor bankwese handel.

Hulle is veral gekant teen die Standaardbank omdat die aandeelhouders daarvan Engelse is, en so word di Londoners in veiligheid gebrag terwyl di Afrikaners eintlik di resiko van di spekulasies moet staan." As mense nou die Standaardbank ondersteun, is dit dus nadelig en ook gevaarlik vir die Kolonialebank. Die volk moet geleer word om hul eie belange te beveilig en daarvoor te werk. Daarom die beroep : Afrikaners maak julle oge oop voor dit te laat is - voor dat de Standard Bank poletiek heeltemal di strop om julle nek het. Nou is daar nog kans om los te ruk, en as dit eenmaal so ver mag kom dat

di.....

di Standard Bank almal onder sy klouwe het, dan mag di Patriot syn hande in onskuld was, want dit is nou di vierde maal dat hy julle teen di nadelige strekking van di Standard Bank in Suid Afrika waarskuw." Daarom help liwers julle eie Banke en stel hulle in staat om arme te kan help." Weer word daarop gewys dat die Patriot die Afrikaners onder sy beskerming wil neem, en daarom berispe hy hulle waar dit nodig is.

Daar word ook gepleit dat "Koloniale Banke" sal opgerig word veral op die platteland : "Laat ons Regering 'n Regerings Nasionale Bank oprig net soos die Oranje Vrystaatse Regering hulle "Nasionale Bank" opgerig het." Of daar is nog 'n ander weg : "ons volk moet dit anvat, wat oek eintlik ons opini is. Omdat ons gen sekerheid het dat ons Regering di saak by di hand sal neem ni en of dit wenslik is dat di Regering dit ter hand neem ni. Daarom roep ons di volk toe, rig 'n Nasionale Bank op!" Want meer en meer word besef dat "di Standard Bank ongetwyfeld 'n pes ver ons bevolking is en moet vermy worde soos di pokkies en rottekoors."

Dit is duidelik dat so 'n boekie groot invloed kon gehad het, want as die volk so gewys word op die onreg wat hul aangedoen word, besef hulle dat hul eenparig moet saamstaan en teen die onderdrukkende mag moet optree vir hul eie veiligheid en in hul eie belang.

Maar hierdie boekie was nie die enigste van sy soort nie, want in 1883 verskyn daar ook : Die Voorgestelde Transvaalse Nasionale Bank uitgegee in die Paarl. Ongelukkig kon ek nie die boekie in die hande kry nie, maar soos die titel aandui, handel dit waarskynlik ook oor banke en bankwese.

Hierdie herlewing van die Afrikaanse volk was groten-deels die herlewing en wakkerwording uit die nasionale doodslaap van die boerebevolking, Daarom word daar ook nou meer belangstelling getoon in landbou, en daar word getrag om die regte van die boerebevolking te beskerm. Reeds het die Patriot

Patriot die voortou geneem in die opsig deur kolomme te wy aan beskrywings oor landboukundige sake. Vanaf 1884 verskyn daar 'n reeks van 4 pamfletjies wat oor boeresake handel. Van die vier kon ek net die laaste drie in hande kry. Die titel op die titelblad lui : Di Afrikaanse Boer, No.2. (O'ergedruk uit di Patriot) Gedruk en uitgegee deur D. F. du Toit en Co. Paarl. Daar is geen jaartal op nie, maar dit is byna seker dat dit in 1885 verskyn het. <sup>55.)</sup> In 1886 verskyn No. 3 en 4 respektiewelik.

Sake van algemene belang vir boere word dan behandel, en ook word daar vir hulle nuttige wenke gegee waaronder dinge voorkom soos : "om Hout te bewaar", of "voordele van Besproeiing" ens. Daar volg 'n interessante bespreking oor wol, en die mense se aandag word dadelik getrek as hulle so iets lees :  
"Aan di wolproduserende Publiek van Suid Afrika! Manne!  
"Broeders!! Landgenote!!! Kom an, laat ons opstaan uit onse luiheid en agterlosigheid, en tog eens 'n blik werpe op, en toesien die toestand van ons Kaapse wol. Ek seg, dat as ons ni nou ontwaak ni, en di skande uitwas, ons ni waardig is dat ons lewe. En dan seg ek dat ek my skaam om verder 'n Afrikaner genoem te worde, en kan ons oek maar ons dierbaar Afrikaner Bond waarin ons bely 'n nasionaliteit te besit, en di welvaart van ons land en volk beoog, op di hoof slaan en laat vaar, want ons sal weldra oek te lui worde om dit vort te sit, en tot uitvoer te bring. Dog ek troos my daaraan, dat dit ni deur luiheid is, mar meerendeels deur onwetenheid, want wat weet onse boere van wolmarkte."

Dat hierdie pamflette hulle doel wel bereik het, is nie aan te twyfel nie. So verskyn daar byvoorbeeld in die Afrikaanse Almanak vir 1886 die volgende advertensie :  
"Goeie nuws - Di Afrikaanse Boer." Al di voorhaamste stukke oer Boerdery, wat van tyd tot tyd in di Patriot kom, worde apart afgedruk in 'n Pamflet. So is daar al dri nommers gepubliceerd. Wi nuttige informasi omtrent Boerdery wil hê, moet hom di

Boekies.....  
55.) Uit stukke in die werk kon ek opmaak dat dit in 1885 moes verskyn het.

Boekies anskaf. Di prys is net mar 3d. stuk." Of luister wat een van die boere daarvan dink. In Di Afrikaanse Boer No. 4 verskyn daar 'n brief van die boer aan Oom Lokomotief gerig : "Ek moet jou hartelik dank vir di toestuur van di boekies getiteld „di Afr.Boer". As boer moet ek sê dat di boekies di paar dubbeltjies werd is, want ek kry daar wenke in hoe om boomsaad en boompies te behandel ..... 'n menigte rate vir veesiektes, ens.. Ek beveel di boekies an alle boere an."

Hieruit kan ons dus opmaak hoe gretig die mense die pamfletjies gelees het en hoe waardevol dit eintlik was, Ook het dit bygedra tot die ~~be~~wordering van die nasionale beweging, want meer mense is nou bereik en beïnvloed. Ook het dit indirek die skryflus, van die boerebevolking veral, help ontwikkel, want omdat hulle nou in die geleentheid gestel is om oor boerderysake in die Patriot te skryf, het hulle eerder 'n liefde vir die Afrikaanse taal ontwikkel en sonder vrees begin skryf.

-----

F. GODSDIENSTIG EN STIGTELIK.

i. Bybelvertalings.

Op die eerste Afrikaanse Taalkongres het S. J. du Toit gesê : "Di Afrikaners voel dat di godsdiens di grondslag is van syn nasionaliteit. Di Afrikaner gaan ~~o~~eral met syn Bybel." Ter staving hiervan word die volgende voorbeeld aangehaal : "Toen di Afrikaner Bond opgerig word, was daar niks bepaal van godsdiens. En wat siin ons? Di bondsvergaderings word met gebed geopen. By alle Bybelvertalings is dit ni van di Kerk uitgegaan ni, mar dis deur manne gedoen wat gevoel het hulle is dit verskuldig an hulle volk. Ver di teenwoordige wil ons dit (vertaalde werke) net in di hande van ons volk ge; dat hulle kan lees en siin hoe dit gaan." Daar is dus 'n ywer aan die dag gelê om ten eerste die Bybel vir die volk in hul eie taal te gee, omdat hulle weet dat die Afrikaner se godsdiens hom die naaste aan die hart lê.

So.....

So verskyn die eerste proef in 1889 : Di Bybel  
56.)  
in Afrikaans. Dri Proewe. waarin die verskillende metodes  
van Bybelvertaling oorweeg word, n.l., letterlike vertaling,  
historiese samehang en vergelykende vertaling. In die inleiding  
word weer daarop gewys dat die Afrikaner verstandelik baie  
verwaarloos is .... maar een ding hou hy vas, dis syn Bybel -  
" en dit geef an ons volk 'n adel v<sup>er</sup> bowe vele geleerde en  
daarby sedelik ontaarde volke van Europa. Liwers 'n ongeleerde  
Afrikaner met syn Bybel, as 'n geleerde Europeaan sonder God  
en sy gebod, want di Bybel hou di fondament goed waarop kan  
gebou word....."

Dit is dus duidelik dat daar 'n groot waarde aan die  
godsdien<sup>s</sup>geheg is. Maar ek wil nie hier 'n geskiedenis gee nie,  
want daar is ander boeke wat daaroor handel. Ons kan nou  
net let daarop dat die vertaling van die Bybel in die Afrikaanse  
taal ook net 'n middel tot 'n doel was. Deur hierdie tradisie  
van godsdienstigheid te handhaaf, word die volk gewen, en so  
ontstaan daar 'n nouer band tussen die Afrikaners wat hul te  
meer van nasie-eenheid bewus maak. Die groot krag wat die  
Afrikaners help wakker skud het, was die Bybel in hul moeder-  
taal. Omdat hulle oortuig was dat die beskawing van die volk  
moes geskied deur middel van hul moedertaal, beskou hul, en  
tereg ook, as eerste vereiste dat hul Bybel vir hulle in hul  
moedertaal beskikbaar moet gestel word.

Vereers is ywerig gewerk aan die vertaling van  
enkele Bybelboeke en mettertyd is hul ook in die vorm van  
boekies apart gepubliseer. In 1893 verskyn die eerste vertaalde  
boek : Di Eerste Boek van Moses, Genoem Génesis; twee jaar  
later, 1895, volg Di Evangeli Vollens Matteus en in 1898 Di  
Openbaring Fan Jesus Gristus. Met aantekeninge, aldrie  
deur Ds. S. J. du Toit.

Selfs in hierdie vertalings sien ons ook weer die  
didaktiese-strekking, wat in al drie is die vertaling vergesel  
van kritiese sowel as Taalkundige en verklarende aantekeninge  
56.) Deur Ds. S.J. du Toit. wat....

wat die waarde van sulke boekies aansienlik verhoog. Hulle wil nie net blote vertalings van die Bybel gee nie, maar daar moet ook aantekeninge bykom sodat die volk dit maklik kan verstaan en die volle nut daarvan kan hê.

Ook is daar nog godsdienstige boeke uitgegee soos ons reeds gesien het, veral om kinders ook in die godsdiens te onderrig - boekies wat in die skool, by die huis, en vir die katkesasie kon gebruik word, n.l. S. J. du Toit se Handboek ver Godsdiens Onderwys, van 1892 en ook sy Bybelse Vrage en Antwoorde wat in 1897 gepubliseer is.

Volgens Nienaber was hierdie Bybelvertalings van groot belang en het dit ook groot invloed uitgeoefen. Hy sê : "Die Bybelvertaling het deel uitgemaak van 'n volksbeweging, die vernaamste betekenis lê in die feit dat dit propaganda gemaak het vir Afrikaans deur die kalme, wetenskaplike redenering van die logiese verstand. Dit het propaganda gemaak vir Afrikaans deur die lied, die woord in maat en rym, die redenering van die hart en gevoel, die besielde woord. Dit het die volk nasionaal uit sy loomrige slaap wakker geskud. Dit het die volk kultureel-krag- en besittewus gemaak, dit laat belang stel in sy taal, laat lees en skryf en terugbring in die "stroom der beschawing" deur in kontak daarmee te kom. Die belangrikheid van die bewering lê veral in die omstandigheid dat dit die deel van die volk bereik het wat vroeër ontoeganklik vir sulke invloede, ook van Nederlandse koerante en lektuur, behalwe van die Bybel, was. Dit wou die Afrikanervolk ook verder beskaaf deur middel van die Bybelwoord in die bekendste taalvorm." 57.)

---

## ii. Stigtelike Lektuur.

Nie alleen godsdienstige werke, meestal Bybelvertalings, is uitgegee nie, maar ook stigtelike boeke. Weer merk ons op hoe daar rekening gehou is met die leesbelange van die volk, want die gemiddelde Afrikaner wat nie juis 'n geleerdheid gehad..... 57.) Die Afrikaanse Beweging, Bls. 94 e.v. (Ek haal aan)

gehad het nie, het òf die Bybel òf alleen stigtelike boeke gelees. Daarom word hierdie werke ook nou vir die volk in hul eie taal gegee om sodoende eers hul leeslus aan te wakker, en hul dan te beweeg om meer in ander rigtings te lees om so hul belangstelling vir die Afrikaanse taal gaande te maak.

So verskyn daar dan 'n reeks van hierdie boeke.

In 1882 verskyn : Die Wege Des Heeren met George Muller deur homself beskrewes, 'n korte vertaling van A Narrative of some of the Lord's dealings with George Muller written by Himself wat uit vyf dele bestaan het. Volgens die vertalers was daar sewe uitgawes van die werk in Engels en is duisende eksemplare in 'n kort tyd uitverkoop. Miskien is dit in Afrikaans vertaal omdat dit so populêr was in Engels. Nie alleen is die werk by tienduisende versprei in Engeland nie, maar dit is ook in amper alle beskaafde tale vertaal, en vir duisende is dit nog voortdurende tot 'n seën.<sup>59.)</sup> Algemeen is dit ook die verklaring dat dit aangenamer is om te lees as enige roman en nuttiger as 'n legio van godsdienstige boeke en stigtelike werke. "Daarom is dit met veel plesier dat ons die werk ook in ons taal vertaal om in ons land te versprei."<sup>60.)</sup>

Die hele doel van die werk is dan om te stig. Dit is 'n aansporing tot ware godsdienstigheid, en die wens word ook uitgespreek dat die Heer dié werk mag seën "ook in ons taal en in ons land." Mag Hy "meer George Mullers verwek ook in ons land!" Die vertalers wil seker maak dat die leser die volle waarde van die werk kry en daarom maak hul gebruik van verklarende aantekeninge om hul te help. So maak die vertalers in die geval gebruik van voetnote om telkens die aandag van die leser by sekere punte te bepaal, b.v. hoe Muller, nadat hy geestelike lig ontvang het, opreg en eerlik gewandel het voor God en mens, wat hy (vertaler) dan stel as 'n vereiste vir 'n ware geloofslewe.

In.....

58.) In die "Voorrede". Geen aanduiding wie vertalers is nie, maar Dr. Lydia van Niekerk sê : du Toit e.a.

59.) "Voorrede".

60.) "Vertalers".

In 1884 verskyn daar twee werke wat ook in die rigting gaan : Di Vinger Gods en Sewe ander Verhale wat ek ongelukkig nie in hande kon kry nie, en ook Evangelii in di Volkstaal. Godsdienstige stukke deur Oom Willem. O'ergedruk uit di Patriot. No. 1. In 1885 verskyn daar ook 'n No. 2. Soos die titel reeds aandui, is dit stukke wat ook weer sedelesse wil leer. Die sedeles word aantreklik voorgestel in die vorm van verhale.

In 1899 word Fab iola; of Di Kerk van di Katekombe. In Afrikaans bewerk en o'ergedruk uit di Patriot, 'n boekie van 190 bladsye, gepubliseer. Volgens Dr. Lydia van Niekerk is dit 'n bewerking na die Engels van Cardinal Newman - deur J. D. du Toit. Die boek handel oor die vervolging van die Christene in Rome en een insident word in besonder beskrywe. Fab iola die dogter van 'n vooraanstaande man behandel haar slavinne sleg en onchristelik, maar dan word sy later self deur hulle toedoen tot bekering gebring. Hierdie werk ook, soos al die reeds genoemde stigtelike werke, het geen waarde vir die nasionale beweging as sodanig nie, behalwe dat dit meegehelp het om leeslus by die volk aan te wakker. Maar daar is besef hoe noodsaaklik dit was dat die volk aan die lees gesit moes word en derhalwe moes daar vir hulle meer lektuur verskaf word.

Hieronder kry ons dan 'n klompie interessante dinge. In 1879 verskyn daar : Catharina die Dogter van die Advokaat. Deur Klaas Waarsegger Jr.. Alhoewel ek dit self nie gesien het nie, wil ek tog net aanhaal wat daaromtrent gesê is in die Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging. Vereers is dit bekend dat <sup>dit</sup> die verhaal is wat die prys gewen het in 1880 en ook word ons vertel dat die verhaal op sig self nie bisonder boeiend is nie, maar dis deurdronge van so 'n eg patriottise gees, dat dit al 'n dojerige Afrikaner moet wees wat dit nie met smaak lees nie."

Vanaf 1882 verskyn daar 'n reeks van vyf boekies wat later geword het die Sewe Duiwels. Voor 1900 verskyn

daar.....

daar net vyf, van die later sewe, as aparte boekies, almal uit die Patriot oorgedruk. In 1882 verskyn : Di Geldduiwel. 61.) Afrikaanse Verhaal. Deur Neef Jan wat Versies Maak, en ook Di Drankduiwel ..... ens., in 1883 kom Di Liegduiwel, in 1884 Di Praatduiwel en in 1892 Di Spogduiwel.

Onder hierdie eerste uitgawes is daar maar min wat enige literêre waarde het, maar hier kry ons nou weer iets wat net soos die Koningin van Skeba tot die weinige kunswerke van daardie tyd kan gereken word. Hierdie werke bly fris en lewenswaar en sal altyd nog gelees word omdat daar soveel egte mensekennis deur straal. Die skrywer toon 'n grondige kennis van die Afrikanerlewe en -karakter, asook van die taal. Veral sy kennis van die taal is merkwaardig as ons in ag neem dat die skrywer 'n Hollander is. Hoe populêr die werke eintlik was en nog is, word bewys deur die feit dat dit selfs vandag nog op skole gebruik word en ook dat dit soveel herdrukke beleef het.

Die duiwels staan dan vir ondeugde waarteen die skrywer wil waarsku, en hy doen dit deur middel van 'n verhaal of skets waarin die hooffiguur aan die betrokke ondeug ly. So kry ons b.v. in die Geldduiwel die verhaal van 'n gierigaard wat sy eie ondergang bewerk, ens.

Omdat hierdie boekies so populêr was, en die mense dit graag gelees het, was dit ook dié werke wat die grootste invloed uitgeoefen het wat betref die aankweek van leeslus.

In die daaropvolgende jare verskyn daar nog 'n aantal van die boeke wat ons by die lektuur kan plaas. In 1886 : So 62.) Gaat dit: 'n Verhaal deur Oom Willem. In 1898: Wat Geld kan doen en ander stories en Gedigte deur M.H.N., en ook in 63.) 1899: Deur Hoogmoed Misly : 'n Ferhaal deur M.H.N., Soms skuil daar selfs agter hierdie werke ook indirekte propaganda. In die verhaal Deur Hoogmoed Misly sien ons die hekeling van sommige Afrikaners se idees van daardie tyd, en dan kom daarby 61.) J.L. Cachet. 'n..... 62.) Nog een van die boeke wat ek nie gesien het nie. 63.) M. H. Nesor is die skrywer.

'n waarskuwing dat Afrikaners getrou moet bly aan hul eie volk. Lenie, die dogter van 'n Afrikaanse Boer, word na kosskool gestuur, en as sy terugkom, praat sy net Engels en verafsku die Afrikaanse taal en die boere : „Ek is fiisfer di ellendige boere en hulle liderlike gemors fan 'n Hotnotstaal; was ons meer tussen di Engelse dan was dit alles goed en wel; mar di ruwe onbeskofte boere is te laag fer ons; hulle is niks beter as folk ni; ek bedank hartelik fer sulke frinde.”

-----

G. VERTALINGS UIT ENGELS EN HOLLANDS.

Soos ons alreeds gesien het, is daar nie alleen nuwe dinge in Afrikaans geskryf nie, maar daar is ook moeite gedoen om werke uit ander tale, veral Engels en Hollands, te vertaal. Gewoonlik was sulke werke dan baie populêr in die betrokke tale, sodat die vertalers dit belangrik genoeg beskou het om dit ook vir die Afrikaners in hul eie taal te gee. Selfs word daar soms tot voordeel van die Afrikaner vergelykings getref tussen tipies Afrikaanse en ander omstandighede. Behalwe die twee vertaalde werke, Wege Des Heeren met George Muller en Fabiola, waarmee ons reeds kennis gemaak het, verskyn daar ook in 1885 : Van di Blokhuis na di Witte Huis : Di lewe van James Abraham Garfield, oerlede President van di Verenigde State van Noord Amerika. Oergedruk uit di Patriot in Afrikaans verwerk uit Engels en Hollands deur S. J. du Toit. Hier het ons slegs die lewensgeskiedenis van Garfield en soos op bls. 2 gesê word, die lewensgeskiedenis „van 'n man, arm en onder nederige omstandighede gebore, mar wat hom deur moed en volharding, met die bystand en hulp van die Almagtige opgewerk het tot hie hoogste trap in di maatskappy; van 'n man uit wi syn lewe, lewenswysheid en lewenslesse te léer is, ver iedereen.” Miskien kon die Afrikaner iets hieruit leer, want die meeste van hulle het ook onder nederige omstandighede gelewe. In een van sy vertaalersvoetnote sê S. J. du Toit dan ook : „Di leser sal in di volgende verhaal veul.....

veul vinde wat ooreenkoms het met ons Afrikaanse Geskiedenis." Onder andere word verhaal hoe die V. S. A., hulle onafhanklikheid verkry het, waaruit weer blyk dat "England mar nie van vandag af 'n verdrukker van swakkere volke is, en dit net hoofsaaklik is om syn grond honger te versadig en homself te verryk." 64.)

Hierby word ook die hoop weer uitgespreek dat die Afrikaners nog hul vryheid en onafhanklikheid sal verkry. Die werk is dus vertaal omdat "dit nie alleen 'n boeiende verhaal nie, maar ook 'n leersame verhaal vir jong mense is." 65.)

In 1892 word nog 'n vertaalde werk gepubliseer :  
Werkelike Geesverskynings - Europese en Afrikaanse overgedruk uit Di Patriot. Dit is net 'n versameling "ware spookstoriis" en het vir my doel ook geen waarde nie. Dit is ook interessant om te weet dat daar in Londen 100,000 eksemplare van die werk binne twee dae verkoop is, en toe was daar nog aanvraag. Dat dit dus interessante leesstof uitgemaak het, is seker.

-----

64.) Bls. 18.

65.) Uit 'n advertensie vir die boek.

HOOFSTUK III.

BUITESTAANDERS.

Dit is opmerklik dat dit nie net die voorstanders<sup>a</sup> van Afrikaans is wat vir die taal gepleit het deur hulle Afrikaanse geskifte nie. Daar was ook 'n aantal buitestaanders wat in Afrikaans geskryf het; en alhoewel hulle dit nie gedoen het met die direkte doel om vir die Afrikaanse taal propaganda te maak nie, maar miskien net vir die aardigheid, het hulle tog op dié wyse vir die volk leesstof ~~vir die volk~~ verskaf.

So was daar skrywers soos De Vries en Coetser met hulle geskiedenis en Naser met sy twee romans wat alreeds bespreek is. In 1884 verskyn daar ook 'n bundel gediggies getiteld : Klaas Gezwint en zijn Paert and other songs and rijmpjes of South Africa. In English and Cape Dutch, vermoedelik deur Reitz versamel. In 1890 verskyn daar van William Henry Maskew ook 'n bundel gediggies : 'n Jolly Hotnot en andere Snaakse Versies uit di ouwe Doos met 'n nuwe Vertaling in Afrikaans. Van 1893-1898 verskyn daar 'n reeks van vier bundels gedigte van Melt Brink : Grappige Stories en andere versies in Kaaps-Hollands.

Alhoewel hierdie skrywers en in besonder Maskew en Melt Brink, nie onder die Patriotters of stryers gereken word nie, het hulle tog belangrike werk gelewer, want dit was veral hierdie tipe van grappige verse wat die mense graag gelees het. Hulle maak dus slegs van die Afrikaanse taal gebruik om deur hierdie grappige gediggies, waarvan baie ook vertalings uit Engels en Duits is, hul lesers te vermaak, want daar is geen doelbewuste strewe om Afrikaans as skryftaal te bevorder nie. In die voorwoord tot sy bundel gediggies, sê Maskew dit is slegs op die dringende versoek van sy vriende dat hy die gediggies bymekaar maak en laat druk het. Melt Brink, weer, sê : „..... een hartelike lach om mijn grapjes is al wat ik van.....

van u verlang, als gij mij dat kunt geven, zal ik mijn moeite ruim beloond achten." Maar dit is interessant om na te gaan dat alhoewel daar in die eerste drie bundels van Melt Brink geen melding gemaak word van die taal of land nie, hy tog in sy vierde bundel wat in 1898 verskyn het, in die voorwoord sê : "Mijn doel is slechts de liefde voor onze taal, en de leeslust bij mijne landgenooten er mede aan te wakkeren." Die gedigte handel ook nou in die vierde bundel oor die landstaal, die helde van die Afrikanervolk, en aanvalle word gemaak op alles wat Engels is. Dit lyk dus asof hierdie mense ook later beïnvloed is en die waarde van die Afrikaanse taal vir die Afrikanervolk begin besef het.

In 1891 verskyn daar ook 'n boekie van belang : Di Suid-Afrikaanse Kook, Koek en Resepte Boek. Byeenversameld en Geskrÿwe Deur Mejufv. E. J. Dijkman. Die feit dat hierdie werk soveel drukke beleef het, en dat dit vandag nog in huishoudings gebruik word, bewys hoe populêr die boekie werklik was en nog is.

-----

HOOFSTUK IV.

POËSIE.

Nou is daar nog die poësie, waarvan daar 'n aantal bundels verskyn het. Van 1878 - 1889 verskyn daar 'n reeks van ses bundels : Afrikaanse Gedigte. Die Eerste Versameling alleen is drie keer herdruk: Die eerste uitgawe in 1878, die tweede in 1886 en die derde in 1890. Die Tweede Versameling verskyn in 1881, die Derde Versameling in 1882, die Vierde in 1883, die Vyfde in 1885, en die Sesde in 1889. Daar het ook 'n Sewende Versameling verskyn in 1901. In 1888 verskyn 'n Bloemlesing van Afrikaanse Gedigte, byeenversameld uit Nos. Twe en Dri, en in dieselfde jaar ook : Vijftig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte: versameld deur F. W. Reitz waarvan daar in 1897 'n tweede druk verskyn met titel : Zestig Uitgesogte Afrikaanse Gedigte.

Hierdie bundels gedigte het groot kultuur-historiese waarde, want dit is veral in die poësie dat ons 'n troue beeld kry van wat aangaan in die volkslewe en volksgees van daardie tyd, en veral opgebied van taal. So vind ons daar volksliedere, vaderlandsgedigte, gedigte wat handel oor die taal, geskiedkundige en politieke liedere, leerdigte en Godsdienstige gedigte, ook 'n aantal Ballades of vertellings, dikwels grappig van aard; ook minnedigte en vertalings uit Engels en Duits. Ek gaan nie in op besonderhede nie, omdat Dr. Lydia van Niekerk dit so volledig behandel in haar werk De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen, en dit dus daarin kan nagelees word.

Tog is dit ongetwyfeld die poësie wat 'n groot invloed op die mense uitgeoefen het en wat hulle veral aangespoor het om in Afrikaans te skryf, want telkens word die mense aangemoedig om tog verse te skryf en na die Patriot te stuur, "al is dit sleg, oom Jan sal regmaak." Almal het toe ook probeer rym. "Elkeen wou rym, van wyle generaal Joubert af tot die veewagtertjie.....

veewagttertjie in die veld," en oom Jan, wat die beste digter was onder die groot aantal omdat sy werk die enigste is wat soms bo blote rymelery styg, moes dit nasien voordat dit kon gepubliseer word.

---

S L O T .

Dit is duidelik dat die stryders alles op die spel gesit het in hierdie poging om 'n nasionale beweging aan die gang te sit om die Afrikanervolk so van ondergang te red. Hulle het nie net leesstof vir die volk beskikbaar gestel deur boeke in Afrikaans uit te gee nie, maar hulle het verder gegaan en die boeke teen 'n baie geringe prys verkoop sodat selfs die armste man dit kon bekostig en die nut daarvan kon hê. Sommige van die geskrifte, veral die pamflette, soos die Afrikaner Bond, is self gratis uitgegee, en van die volk is net verwag dat hulle dit moes lees, en dan is die taak van die leser ook vergemaklik deurdat die meeste van die werke goed geannoteer is.

Soos ons gesien het, was die geskrifte |propagandisties en didakties van aard, en hul het ontstaan uit die drang om die bestaansreg van Afrikaans te bepleit, die volk wakker te skud en te besiel met liefde vir land, volk en taal. Hierdie doel is dan ook bereik, en daarom mag hierdie werke nie geringgeskat word nie; intendeel, dit moet as belangrik beskou word, alhoewel nie as kunswerke nie, dan tog vir die kulturele waarde daarvan.

Ons soek dan ook nie na kunshoogtes in hierdie werke nie, maar ons vra net of die voortbrengsels daarin geslaag het om volksgesindheid en taalpatriotisme te skep. Na hierdie studie is die antwoord op so 'n vraag ongetwyfeld bevestigend. Hierdie eerste Afrikaanse geskrifte het 'n ouer geslag van Afrikaner beïnvloed en oortuig, en so 'n fondament gelê waarop die jonger geslag moes voortbou.

=====

-----

B I B L I O G R A F I E.

- DEKKER. G. : Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.
- Encyclopedia of the Social Sciences : Artikel "NATIONALISM."  
"
- NIEKERK. L. van : Eerste Afrikaanse Taalbeweging en  
Letterkundige Voortbrengselen.
- NIENABER. G. S. : Die Afrikaanse Beweging.
- SCHOETZ. J. du P. : Die Afrikaner en sy Taal (1806-1875.)
- TOIT. J. D. du : Ds. S. J. Du Toit in Weg en Werk.
-